RES-

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

# DIE REHABILITASIE VAN BANTOEJEUGOORTREDERS

'n Opvolgstudie van 'n groep oud-leerlinge
van die Diepkloofverbeteringskool van
1937–1950

deur

J. D. Venter

Nasionale Buro vir
Opvoedkundige en Maat-
skaplike Navorsing

NAVORSINGSREEKS Nr. 6

001.3072068 NBSR
RES 6

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 NBSR RES 6 | 36364/2 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

36364 |2

HUMANITAS
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

die

Hoofvakkundige Beampte,
Nasionale Buro vir Opvoedkundige en
Maatskaplike Navorsing.

0000614263

2844363866

001.3072068 NBSR RES 6

*061426*

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

1977-11-

STANDKODE 001-3072068 NBSR G

REGISTERNOMMER RES 6 36364

2

## VOORWOORD.

Hier te lande is daar nog geen ondersoek ingestel na die residivisme by jeugoortreders nie. Ten einde hierdie leemte te vul, is 'n reeks ondersoeke na bogenoemde verskynsel beplan en die onderhawige ondersoek na residivisme by Bantoejeugoortreders vorm een deel van hierdie reeks.

Benewens die bepaling van residivisme by Bantoejeugoortreders was die doel van hierdie ondersoek verder om 'n ontleding van die agtergrond van Bantoejeugoortreders te maak en vas te stel in hoeverre hierdie agtergrondsfaktore met sy latere residivisme al dan nie verband hou.

Vir die doel van hierdie ondersoek is vyfhonderd Bantoejeugoortreders wat vanaf 1937 tot 1950 in die Diepkloofverbeteringskool behandel is, vir 'n tydperk van vyf jaar na ontslag uit die inrigting, opgevolg. Hierdie opvolging kon alleen suksesvol gedoen word met die hulp van die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro. Graag betuig ons dank en waardering aan die personeel van daardie Buro asook die vorige Diepkloofverbeteringskool vir hulle hulp.

P.M. Coetzee
DIREKTEUR.

21 Junie 1960.

INHOUD.

Bladsy

HOOFSTUK 1. 1

INLEIDING.

1. Doel van die ondersoek.

2. Omvang en metode van die ondersoek.

3. Begripsbepaling.

HOOFSTUK 2. 2

DIE DIEPKLOOFVERBETERINGSKOOL.

1. Historiese oorsig.

2. Die Behandelingsmetodes.

3. Die Metode van toelating.

HOOFSTUK 3. 7

PERSOONLIKE EIENSKAPPE VAN 500 BANTOEJEUGOORTREDERS.

1. Etniese groep.

2. Ouderdom.

3. Liggaamlike toestand.

4. Skoolstanderd.

5. Gehalte werker.

HOOFSTUK 4. 13

DIE MAATSKAPLIKE AGTERGROND VAN 500 BANTOEJEUGOORTREDERS.

1. Die Gesinsamestelling:

(a) Gesinsvolledigheid.
(b) Verblyf tydens misdaad.
(c) Kindertal.
(d) Geboorterangnommer.

2. Die Ekonomiese Agtergrond:

(a) Beroep van vader.
(b) Loonarbeid van die moeder.
(c) Die gesinsinkomste.

2/...

3. Die Woonplek en Woning:

(a) Woonplek.
(b) Algemene woningtoestand.

4. Die Sedelike Gehalte van die Gesinne:

(a) Sedelike toestand.
(b) Kerkverband.

HOOFSTUK 5. 24

DIE GEDRAG ONMIDDELLIK VOOR OPNAME IN DIE VERBETERINGSKOOL.

1. Groepverband.

2. Aantal oortredinge voor opname.

3. Tydsduur tussen eerste oortreding en oortreding waarvoor in inrigting opgeneem.

4. Die aard van oortreding waarvoor opgeneem.

HOOFSTUK 6. 27

DIE TYDPERK IN DIE INRIGTING.

1. Gedrag in inrigting.

2. Die tydperk aangehou.

3. Aantal kere wat vergunning ingetrek is.

HOOFSTUK 7. 30

GEDRAG VAN BANTOEJEUGOORTREDERS GEDURENDE DIE EERSTE 5 JAAR NA ONTSLAG UIT DIE VERBETERINGSKOOL.

1. Aantal misdade in eerste 5 jaar na ontslag.

2. Tydperk tussen ontslag en eerste oortreding.

3. Residivisme deur middel van dieselfde soort misdaad as waarvoor opgeneem in inrigting.

HOOFSTUK 8. 37

DIE VERBAND TUSSEN AGTERGRONDSFAKTORE EN RESIDIVISME BY BANTOE-JEUGOORTREDERS.

1. Residivisme en Algemene Persoonlike Faktore:

(a) Ouderdom by opname en residivisme.
(b) Skoolstanderd by ontslag en residivisme.
(c) Etniese groep en residivisme.

2. Maatskaplike Faktore en Residivisme:

(a) Woonplek voor opname in inrigtings en residivisme.
(b) Algemene woningtoestand en residivisme.
(c) Gesinsinkomste en residivisme.
(d) Loonarbeid van die moeder en residivisme.
(e) Gesinsvolledigheid en residivisme.
(f) Stiefouerverhoudinge en residivisme.
(g) Sedelike gehalte van ouers en residivisme.

3. Residivisme en Gedrag voor opname in inrigting:

(a) Werkgewoontes voor opname en residivisme.
(b) Gedrag voor opname en residivisme.
(c) Gedrag in inrigting en residivisme.
(d) Aard van oortreding en residivisme.
(e) Aantal oortredinge voor opname en residivisme.
(f) Aantal oortredinge voor opname en tydperk tussen ontslag en eerste oortreding na ontslag.

4. Residivisme en Faktore van die Uitplasingstydperk.

HOOFSTUK 9. 54

SAMEVATTING.

LITERATUURLYS. 57

# HOOFSTUK 1.

## INLEIDING.

1. Doel.

Met hierdie ondersoek word beoog enersyds om vas te stel watter mate van sukses met die behandeling van Bantoejeugmisdadigers aan die Diepkloofverbeteringskool[1] behaal is. Andersyds is die doel om die maatskaplike agtergrond van die groep Bantoejeugmisdadigers, op grond van beskikbare gegewens, te skets.

2. Die omvang en metode van die ondersoek.

Vyfhonderd Bantoejeugoortreders is in hierdie ondersoek betrek deur 'n verteenwoordigende steekproef van die toelatings tot die Diepkloofverbeteringskool vir elke afsonderlike jaar vanaf 1937 tot en met 1950 te gebruik.

Nadat die lêers van die 500 gevalle van die verbeteringskool verkry is, is 'n lys gemaak van die vingerafdruknommers sowel as die identifikasienommers van die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro (voortaan die S.A.K.B.-nommers genoem). Hierdie lys is aan die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro voorgelê ten einde die misdaadrekords van die 500 jeugmisdadigers na hulle ontslag uit die verbeteringskool, te kon opspoor. In gevalle waar die nodige identifikasienommers ontbreek het, is die vingerafdrukke uit die lêers van die inrigting aan die Kriminele Buro vir klassifikasie en opsporing van die misdaadrekords voorgelê. Op hierdie manier is daarin geslaag om die misdaadrekords van die 500 gevalle almal, sonder uitsondering, op te spoor.

Die gegewens wat in hierdie ondersoek gebruik is, is uit die lêers wat die verbeteringskool vir elke geval byhou sowel as uit die misdaadrekords van die S.A.K.B. verkry. Die mate van sukses word bepaal in terme van botsing met die gereg in die eerste 5 jaar na ontslag uit die inrigting.

'n Persentasie-ontleding vir die bepaling van die verband tussen sukses en mislukking na ontslag uit die inrigting met faktore voor die ontslag was ontoereikend, derhalwe is van die chi-kwadraattoets gebruik gemaak. Deur middel van hierdie toets kon vasgestel word of daar ten opsigte van agtergrondsfaktore beduidende verskille tussen gevalle wat na ontslag weer in misdaad verval en diegene wat nie weer misdade pleeg nie, bestaan.

3. Begripsbepaling.

(a) Volledige groep - dui op daardie groep Bantoejeugoortreders vir wie volledige gegewens oor een of ander aspek beskikbaar was.

(b) Onvolledige groep - dui op daardie groep jeugoortreders oor wie daar oor 'n bepaalde aspek geen gegewens beskikbaar was nie.

(c) Residivis - dui op daardie Bantoejeugoortreders wat na behandeling in en binne vyf jaar na ontslag uit die verbeteringskool weer met die gereg gebots het.

(d) Nie-residiviste - dui op daardie groep Bantoejeugoortreders wat binne 5 jaar na ontslag uit die verbeteringskool nie weer weens 'n misdaad veroordeel is nie.

2/...

---

(1) Hierdie inrigting is in Desember 1958 gesluit en sedertdien word manlike Bantoejeugoortreders na Bantoejeugkampe verwys. Daar is tans vier van hierdie inrigtings naamlik te Elandsdoring in Groblersdaldistrik, Vuma, distrik Eshowe, Bekruipkop in die distriks King William's Town en Mooifontein in Lichtenburgdistrik.

(e) Suksesse - Hiermee word nie-residiviste bedoel.

(f) Mislukkings - Hiermee word residiviste bedoel.

(g) Misdade of oortredinge - Slegs daardie misdade waarvoor die oortreder skuldig bevind is en wat dus op sy S.A.K.B.-rekord aangeteken is, word bedoel.

(h) „Misdaad pleeg", „in misdaad verval" of „met die gereg bots" word deurgaans gebruik as die persoon op 'n aanklag skuldig bevind is. Onbekende of onopgespoorde misdade word dus buite rekening gelaat.

(i) Alle agtergrondgegewens verwys na die toestand ten tye van opname in die verbeteringskool.

4. Die Opvolgtydperk.

Die opvolgperiode in hierdie ondersoek is op vyf jaar gestel en wel die eerste vyf jaar nadat die jeugdige die verbeteringskool verlaat het. 'n Vyfjaar-tydperk is om die volgende redes gekies:

(a) Die gedrag van 'n oud-leerling van 'n verbeteringskool kan nie vir 'n onbepaalde tyd na sy ontslag nog aan die adres van die verbeteringskoolinvloed gebring word nie want na die ontslag uit die verbeteringskool is daar weer ander invloede waaraan hy blootgestel is. Nadat 'n persoon reeds vir 'n periode van vyf jaar buite die inrigting verkeer het, kan sy gedrag nouliks nog met sy gedrag voor opname of sy gedrag in die inrigting in verband gebring word.

(b) Dit is 'n taamlik algemene verskynsel dat residiviste baie gou na hulle ontslag in die misdaad terugval. Om hierdie rede is dit nie van groot waarde om 'n baie lang opvolgingsperiode te hê nie. Soos later ook uit hierdie ondersoek sal blyk, word die grootste terugvalrisiko binne die eerste twee jaar na ontslag bereik. Daar is baie min gevalle wat vir die eerste keer eers na die eerste vyf jaar na ontslag in misdaad verval.

(c) Deur die opvolgperiode baie lank te maak, word ook veroorsaak dat die gegewens oor die agtergrond van die oortreders baie verouderd raak.

5. Literatuur.

Daar bestaan geen literatuur oor residivisme by Bantoejeugoortreders nie en daarom word daar in hierdie verslag dikwels na buitelandse ondersoeke verwys. Dit moet egter duidelik gestel word dat die bevindinge van buitelandse ondersoekers, wat hoofsaaklik op Blankes betrekking het, nie direk met die bevindinge in die onderhawige ondersoek, wat op Bantoejeugoortreders betrekking het, vergelykbaar is nie.

# HOOFSTUK 2.

## DIE DIEPKLOOFVERBETERINGSKOOL.

1. Historiese oorsig:

In November 1911 is 'n deel van die Diepklooftronk in 'n verbeteringskool vir Bantoes onder beheer van die Departement van Gevangeniswese omskep. Kragtens Wet No. 2 van 1934 is alle verbeteringshuise en gesertifiseerde tehuise op 1 Julie 1934 na die destydse Unie-onderwysdepartement oorgeplaas, met die oogmerk om van die verbeteringshuis 'n opvoedingsinrigting te maak. Daar vind dus 'n klemverskuiwing van straf na heropvoeding plaas. Die destydse Minister van Justisie stel sy oogmerk met hierdie oordrag as volg: „In this way, I submit, the best chance will be given to the idea of reform which underlies these institutions, (verbeteringskole) and it will be possible in future to get away from the atmosphere of the prisons administration, which hitherto has been a handicap in the carrying on of these institutions." (Hansard, Vol. 22, 1934, p.1786).

„Nieteenstaande die verbeteringskool strenger, harder, onaangenamer en meer opsetlike tugmiddele moet toepas as enige ander skool of inrigting waar kinders of jeugdiges opgelei en behandel word, het dit nietemin tot 'n opvoedkundige inrigting ontwikkel waar die mees moderne opvoedkundige metodes en tegnieke toegepas word. Die personeel aan elke inrigting is oor die algemeen bekwaam en deeglik toegerus vir die werk. Die prinsipaal wat aan die hoof van so 'n inrigting staan, word bygestaan deur sy viseprinsipale, onderwyser-sielkundiges, onderwyser-nasorgbeamptes, klasonderwysers en vakonderwysers om maar net 'n paar van die belangrikste poste te noem." (7, p.27)
In die Kinderwet, Wet No. 31 van 1937, word ook aandag aan die behandeling van jeugoortreders geskenk. Die klem word op die rehabilitasie en heropvoeding deur die toepassing van sielkundige en opvoedkundige metodes gelê. Dit word ook beklemtoon dat die behandeling individueel moet wees.

2. Die Behandelingsmetodes:

Volgens Engelbrecht (7, pp.104-152) kan die behandelingsprogram van die Diepkloofverbeteringskool in vier fases ingedeel word nl.:-

(a) Die toelating-aanpassingsfase.

Hierdie fase is van uiters groot belang en lê ten grondslag van die leerling se rehabilitasie. Direk na toelating word die leerling na die hospitaal-afdeling gestuur waar hy deur die distriksgeneesheer ondersoek word teneinde te bepaal of hy fisies instaat is om die program van die inrigting te volg en of hy nie aan aansteeklike siektes ly of mediese versorging nodig het nie.

Van die hospitaal af gaan die leerling na die vise-prinsipaal vir sy eerste onderhoud en inleiding in die basiese reëls van die inrigting, die voorregte van goeie gedrag, die aanhoudingstydperk en na wie hy met sy klagtes mag gaan. Hierna word die leerling in die nuwelinge-groep onder die toesig van 'n ervare opsigter geplaas. Die sielkundige[1] bring intussen die leerling se agtergrondgeskiedenis by en sodra die leerling gewoond is aan sy nuwe omgewing, word die verskillende skolastiese en sielkundige toetse toegepas. Dit is hier van belang om daarop te wys dat daar in die tydperk waaroor die ondersoek gaan, 'n

4/...

(1) Daar dien hier in gedagte gehou te word dat die eerste onderwyser-sielkundige aan die Diepkloofverbeteringskool in 1949 aangestel is. In die tydperk tussen 1937 en 1949, wat ook in hierdie studie tersprake kom, was daar dus nie sodanige diens aan die inrigting verbonde nie.

groot gebrek aan sielkundige en skolastiese toetse vir Bantoes bestaan het. In diè verband word die volgende opmerking in die prinsipaal se verslag van 1949 gevind. „In verband met naturelleleerlinge is op hierdie gebied nog feitlik niks in Suid-Afrika gedoen nie en gevolglik is ons verplig om ons eie persoonlikheids- en intelligensietoetse te maak."

In die verslag van die prinsipaal vir die jaar 1950 word die volgende opmerking gevind: „During March a battery of 10 tests, standardised for natives on the mines, were applied to 253 pupils. The tests were all non-verbal group tests, that is, performance tests. Explanations and instructions were given by means of a film." en verder „The tested pupils' progress at school and in the trades as well as the results of the Goodenough tests were still to be correlated with the results of these performance tests."

Die probleme wat in die inrigting in hierdie verband ondervind is, is voor die hand liggend. Na die toepassing van die toetse en die voltooiing van die leerling se voorgeskiedenis asook 'n beknopte verslag oor sy vordering, persoonlikheidseienaardighede ens., word die plasing van die leerling in 'n bepaalde afdeling deur die komitee van die sielkunde-afdeling oorweeg. Die hoof van die afdeling waarin hy geplaas word, ontvang ook 'n afskrif van die verslag oor die leerling.

(b) Die behandelingsfase.

Om verdere kennis van die leerling op te doen, voer die sielkundige van tyd tot tyd onderhoude met hom. Hy kry ook verdere inligting deur middel van samesprekings en rapporte van die persone wat in noue kontak met die leerling is. Op hierdie wyse bou die sielkundige sy kennis omtrent die leerling op en kan dus bepaal watter behandeling nodig is en of sy plasing gewysig moet word.

Tydens die behandelingsfase word 'n vasgestelde daaglikse program, wat onderwys insluit, gevolg. Die leerplan is dieselfde as wat in gewone Bantoeskole van toepassing is en die skool maak voorsiening vir onderwys van graad I tot standerd 6. Belowende leerlinge word vir verdere studie na Orlando-hoërskool gestuur. Aan die inrigting word ook klasse gegee vir analfabete. Skoolonderrig vind plaas van 8 voormiddag tot 12 middag.

Die ambagsopleiding te Diepkloof, is elementêr en oorwegend prakties. Onderrig word in boukunde, kleremakery, skrynwerk, skoenmakery en waskunde gebied. Benewens hierdie afdelings bestaan ook afdelings vir opleiding van handlangers, plaaswerkers, tuinbouers, huisjongens, koks en kantoorjongens. Leerlinge wat nie in staat is tot meer as eenvoudige roetinewerk nie, word in hierdie afdelings geplaas.

Baie aandag word aan liggaamlike opvoeding gegee en alle leerlinge wat medies geskik is daarvoor, moet deelneem. Dit geskied in werksure en neem dus 'n bepaalde plek op die rooster in. In noue verband met die liggaamlike opvoeding staan die sportbedrywighede wat na werksure in die namiddag beoefen word. Behalwe inter-koshuiskompetisies word daar ook met buiteklubs meegeding. Die aandprogram bestaan in 'n groot mate uit kulturele bedrywighede soos gesamentlike sang, voordragte, kore asook binnemuurse spele en filmvertonings. Omdat so 'n groot deel van die leerlinge nie formele skoolonderrig ontvang nie, word 'n program van algemene kennis ook by die aandprogram ingesluit. Hier word onderwerpe soos padveiligheid, plekbespreking op treine, gebruikmaking van hospitaal-klinieke, registrasie van pakkette ens. behandel.

Elke aand voor ete sowel as Sondagoggende word 'n gesamentlike diens vir die

5/...

hele skool gehou. Godsdiens word ook as vak op skool onderrig, en Sondagmiddae word Sondagskool gehou. Saans voor slapenstyd word 'n paar versies uit die Bybel gelees, gebid en gesing.

(c) Voorbereidingsfase tot vrylating.

In hierdie fase word pogings aangewend om leerlinge by die normale lewe buite die inrigting aan te pas. Hy word geleidelik aan omstandighede, gedragswyses en verpligtinge in die samelewing gewoond gemaak. Ten einde hierdie herinskakeling te bewerkstellig, het die Diepkloofverbeteringskool 'n besondere stelsel toegepas. Nadat 'n leerling in die inrigting se hoofhostel waar hy in veilige bewaring was, goed aangepas is, ontvang hy na 9 maande tot 'n jaar na toelating, sy eerste vryheidsvoorreg. Dit geskied op aanbeveling van sy opsigter en na goedkeuring van die sielkunde-departement.

Sy eerste vryheidsvoorreg gee aan die leerling die voorreg om boodskappe te doen en op Sondagmiddag op die inrigtingsgronde vry rond te beweeg. Die toekenning van hierdie vryheidsvoorreg gaan met 'n seremonie gepaard. Die seremonie vind voor die aandgodsdiens plaas en die betrokke leerling lê voor al die leerlinge die belofte af dat hy sy vryheid nie sal misbruik nie. Hy ontvang nou ook 'n hemp met die vryheidsteken op die linkersak as simbool van sy belofte „wat uit sy hart kom." Verder dien dit as 'n onderskeidingsteken en 'n teken wat hom voortdurend aan sy belofte herinner. As die leerling hom met hierdie vryheidsvoorreg goed gedra, word dit verder uitgebrei. Die eerste kenteken word met 'n volgende vervang en waar hy nog altyd in die hoofhostel in veilige bewaring gehuisves was, word hy nou na een van die bevoorregte hostels oorgeplaas. Van nou af geniet hy feitlik dieselfde vryheid as 'n leerling in enige skoolkoshuis. In elk van hierdie bevoorregte hostels is 25 leerlinge onder die sorg van 'n huisvader en moeder. Elke hostel het sy eie kook- en eetgeriewe. As die leerling se aanpassing in hierdie tyd bevredigend is, ontvang hy na twee maande sy derde vryheidsvoorreg. Nou kan hy een keer per maand verlof kry om familiebetrekkinge vir 'n naweek te besoek. Die volgende graad van vryheid bestaan daarin dat die leerling na die uitplasingshostel, wat buite die inrigting geleë is, gestuur en in werk geplaas word. Is sy gedrag baie goed, mag selfs toegelaat word dat die leerling van die werkgewer se huisvesting gebruik maak. Tydens hierdie stadium staan die leerling reeds in die gemeenskap dog hy ontvang nog die sorg en beskerming van die inrigting want hy word dikwels deur die nasorgbeampte sowel as die sielkundige besoek.

Hierdie stelsel bied aan die leerling die geleentheid om die inrigtingslewe op sy gemak te ontgroei, en weer by die samelewing aan te pas. Verder bied dit ook 'n metode om die vordering van 'n leerling te bepaal. Die swakstes sak vroegtydig uit en die moontlike vertroebeling van die verhouding tot werkgewers word verminder.

(d) Die Vrylatingsfase.

Teneinde die inrigting se werk af te rond, word van die hulp van 'n nasorgbeampte gebruik gemaak. Hierdie persoon wat 'n deeglike kennis van die leerling het se eerste taak is om 'n gesonde verhouding tussen die kind en sy ouer of voog en die inrigting te skep. Verder word daar ook sorg gedra dat die leerling in 'n werk geplaas sowel as sosiaal ingeskakel word, want dit gebeur dikwels dat die omgewing waarin die leerling uitgeplaas word, baie vyandig teenoor hom staan. Nadat hy met vergunning uitgeplaas is, word die leerling dus nog van tyd tot tyd deur die nasorgbeampte besoek. Alle leerlinge kan natuurlik nie onder die inrigting se nasorg geplaas word nie want toewysing geskied

van oor die hele land. Leerlinge wat dus nie in die area van die verbeteringskool uitgeplaas word nie, word onder die nasorg van die Departement van Volkswelsyn geplaas.

3. <u>Wyse van toelating tot 'n verbeteringskool:</u>

Daar is drie verskillende maniere waarop 'n jeugdige in 'n verbeteringskool opgeneem kan word:

(a) Deur 'n direkte vonnis. Blykens artikel 103(1)(f) van die Kinderwet, Wet 31 van 1937, kan 'n hof 'n persoon onder 19 jaar wat aan 'n oortreding skuldig bevind is direk na 'n verbeteringskool vonnis: „Een hof waarin iemand die minder dan negentien jaren oud is, aan een of andere overtreding schuldig bevonden is geworden, kan in plaats van hem wegens die overtreding te straffen (doch behoudens die bepalingen van sub-artikel (1) van artikel drie honderd acht en dertig)-......bevelen dat hy verwezen worde naar een zoals voormeld omschreven verbeteringshuis."

(b) Tweedens kan 'n jeugdige in 'n verbeteringskool opgeneem word deur oorplasing van 'n ander kinderwetinrigting na 'n verbeteringskool. So bv. kan 'n kind wat op grond van sorgbehoewendheid na 'n nywerheidskool verwys is, op grond van verdere swak gedrag deur 'n skriftelike bevel van die Minister na 'n verbeteringskool gestuur word. Artikel 47(1) van die Kinderwet lui as volg: „Behoudens die bepalings van sub-artikel (3) mag die Minister by skriftelike bevel, 'n leerling of kind oorplaas van 'n gestig waarna hy deur een of ander gesag wettig verwys is of aan 'n bewaring waarin, of 'n beheer of toesig waaronder hy deur een of ander gesag wettig geplaas is, na 'n gestig waarna daardie gesag hom wettig sou kon verwys het of na 'n bewaring waarin of onder 'n beheer of toesig waaronder daardie gesag hom wettig sou kon verwys het."

(c) 'n Derde wyse waarop 'n jeugdige in 'n verbeteringskool kan beland, is deur van 'n gevangenis of tronk na 'n verbeteringskool oorgeplaas te word. Artikel 47(5) van die Kinderwet handel hieroor: „Die Minister van Justisie mag, na raadpleging met die Minister, by skriftelike bevel iemand onder die leeftyd van een-en-twintig jaar, wat in 'n gevangenis of tronk gevangenisstraf ondergaan, waarvan die onverstreke tydperk nie minder as vier maande bedra nie, na 'n verbeteringshuis of na 'n gesertifiseerde tehuis oorplaas, en vanaf die datum van die bevelskrif word bedoelde persoon geag na daardie verbeteringshuis of gesertifiseerde tehuis gestuur te wees kragtens artikel driehonderd-en-vyftig van die ‚Wet op Kriminele Procedure en Bewijslewering, 1917' (soos gewysig deur artikel 103 van hierdie wet)."

7/...

# HOOFSTUK 3.

## PERSOONLIKE EIENSKAPPE VAN 500 BANTOEJEUGOORTREDERS.

### (a) Etniese Groep:

Word die Bantoejeugoortreders volgens etniese groepe ingedeel, word 'n verspreiding soos in tabel 1 verkry.

Tabel 1: Ontleding van etniese verband van Bantoejeugoortreders.

| Etniese groep. | Persentasie wat die verskillende etniese groepe van 500 Bantoejeugoortreders uitmaak. | Persentasie wat die verskillende etniese groepe van die totale Bantoebevolking van die Unie uitmaak.[1] |
|---|---|---|
| Sotho | 33.4 | 29.9 |
| Xhosa | 24.0 | 29.1 |
| Zoeloe | 28.6 | 25.8 |
| Tsonga | 2.2 | 4.7 |
| Swazi | 3.8 | 3.4 |
| Ndebele | 1.0 | 2.5 |
| Venda | 1.2 | 1.7 |
| Ander | 1.4 | 2.9 |
| Onbekend | 4.4 | - |
| Totaal | 100.0 | 100.0 |

Uit tabel 1 blyk dit dat drie etniese groepe nl. Sotho, Zoeloe en Swazi 'n groter persentasie bydrae tot die groep jeugoortreders gelewer het as die gedeelte wat hulle van die totale Bantoebevolking van die Unie uitmaak. By die ander vier etniese groepe is dit andersom. Uit hierdie gegewens kan hoegenaamd nie afgelei word dat die Sotho, Zoeloe en Swazi meer tot misdaad geneig is as die ander etniese groepe nie, want verskeie ander faktore kan vir hierdie verskille verantwoordelik gehou word.

In hierdie verband moet daarop gewys word dat die persentasies van die verskillende etniese groepe wat in die Bantoegebiede woon, teenoor die persentasies wat in

8/...

(1) Die Taalkaart van S.A. Skatting gebaseer op die sensus van 1951, Staatsdrukker, Pretoria.

Blanke gebiede woon, onderling baie van mekaar verskil. Soos later op gewys sal word, kom die Bantoe van die Bantoegebiede relatief veel minder vir misdaad onder die aandag van die polisie as die Bantoe in die Blanke gebiede. Die invloed hiervan, waar met 'n verspreiding volgens etniese groepe gewerk word, is voor die hand liggend.

Ten opsigte van die gegewens in tabel 1 dien ook opgemerk te word dat die bevolkingsyfers op die sensus vir 1951 gebaseer is terwyl die misdaadsyfers betrekking het op die opnames in die Diepkloofverbeteringskool vanaf 1937 tot 1950.

(b) Ouderdom:

Wat die ouderdom van verbeteringskoolleerlinge betref, moet daar in gedagte gehou word dat sommige van die ouderdomme as sodanig deur die hof geskat is: „Wanneer by verrigtings ingevolge hierdie Wet, behalwe 'n strafsaak, die ouderdom van 'n persoon 'n relevante feit is waaromtrent geen of onvoldoende bewys voor hande is, mag die beampte wat by die verrigtings voorsit, die ouderdom van die persoon na sy voorkome of op grond van enige voorhoude gegewens skat en die aldus geskatte ouderdom word, by die toepassing van hierdie Wet, geag die ware ouderdom van daardie persoon te wees." (Wet 31 van 1937 artikel 81(1)). Die ouderdomsverspreiding van die 500 gevalle waaroor hierdie ondersoek gaan, word in tabel 2 weergegee.

Tabel 2: 'n Ontleding van die ouderdomme van Bantoejeugoortreders.

| Ouderdom in jare. | Persentasie. | Aantal. |
|---|---|---|
| 10 | .4 | 2 |
| 11 | 1.4 | 7 |
| 12 | 4.0 | 20 |
| 13 | 4.8 | 24 |
| 14 | 11.0 | 55 |
| 15 | 14.2 | 71 |
| 16 | 21.0 | 105 |
| 17 | 23.6 | 118 |
| 18 | 12.6 | 63 |
| 19 | 5.0 | 25 |
| 20 plus | 1.2 | 6 |
| Onbekend | .8 | 4 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Met die styging van die ouderdom neem jeugmisdadigheid toe tot 'n hoogtepunt by 17

jaar bereik word, waarna 'n daling plaasvind. Die oorgrote meerderheid leerlinge van die Diepkloofverbeteringskool, nl. 82 persent, word volgens hierdie steekproef op 14 tot 18 jaar tot die inrigting toegelaat. Waarskynlik ontvang oortreders in die jongste ouderdomsgroepe dikwels ander vorme van straf as aanhouding in 'n verbeteringskool. As dit enigsins moontlik is, word gepoog om geharde jeugmisdadigers in die hoër ouderdomsgroepe nie saam met jonger en mindergeharde oortreders in 'n verbeteringskool te plaas nie. Derhalwe is daar na verhouding minder leerlinge van die hoogste en laagste ouderdomsgroepe in die inrigting en dus ook in hierdie steekproef ingesluit.

Hierdie ouderdomverspreiding kan nie as 'n aanduiding van die ouderdomverspreiding van jeugdige Bantoe eerste-oortreders beskou word nie aangesien slegs 'n gedeelte van hierdie groep vir hulle eerste bekende oortreding in die verbeteringskool opgeneem is. Die eerste keer wat 'n jeugoortreder van misdaad aangekla word, is nie noodwendig die eerste keer dat hy 'n misdaad gepleeg het nie. C.B. Vedder wys daarop dat die ouderdomsgroep 17 - 21 jaar oorheersend was in die arrestasies in 1951 in die V.S.A. (18, p.27). Neumeyer bevind dat die mediaan ouderdom van 'n groep seuns wat in 1951 deur 'n aantal Amerikaanse howe verhoor is, op 16.1 jaar te staan kom (12, p.39). Van Bemmelen wys daarop dat uit gegewens soos die voorgenoemde nie die afleiding gemaak moet word dat leeftyd op sigself 'n oorsaak van misdaad is nie. Die kans om in misdaad te verval, is slegs op 'n sekere leeftyd gunstiger as op 'n ander (17, p.226).

(c) <u>Fisiese Toestand:</u>

Soos reeds op gewys, word elke leerling van die Diepkloofverbeteringskool pas na toelating aan 'n mediese ondersoek onderwerp. 'n Ontleding van hierdie ondersoeke van die 500 gevalle onder bespreking het die volgende gegewens aan die lig gebring:

Dit val dadelik op dat die grootste persentasie van die gevalle nl.73.0 persent van goeie gesondheid was. Slegs 4.2 persent van die gevalle het fisiese gebreke gehad of het aan veneriese of kroniese siektes gely. (Vgl. tabel 3.)

<u>Tabel 3:</u> 'n Ontleding van die Fisiese toestand van Bantoejeugoortreders.

| Aard van fisiese toestand. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Geen siektes of gebreke | 73.0 | 365 |
| Fisiese gebreke | 2.4 | 12 |
| Veneriese siektes | .8 | 4 |
| Kroniese siektes | 1.0 | 5 |
| Onbekend | 22.8 | 114 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

S. en E.T. Glueck wat ook aan hierdie aspek aandag gegee het, bevind dat die algemene gesondheidstoestand van slegs 1.0 persent van hulle groep as swak beskou kon

word terwyl 77.0 persent se gesondheid as goed en 'n verdere 15.0 persent s'n as uitstekend geklassifiseer kon word. Feitlik dieselfde verspreiding is by nie-oortreders aangetref. Hulle kom dan tot die gevolgtrekking „..... we see that the view that delinquents are in poorer health than non-delinquents receives no support" (10, p.181).

(d) Skoolstanderd:

Uit tabel 4 blyk dit dat 'n groot persentasie van die Bantoejeugoortreders nl.42.8 persent geen skoolopleiding gehad het nie. Tegelykertyd het slegs 'n klein gedeelte nl. 2.8 persent 'n hoër kwalifikasie as standerd 5 besit. Die gegewens dui verder daarop dat die onderwyspeil van die leerlinge by ontslag hoër is as by toelating. Die groep wat by opname geen skoolopleiding gehad het nie, het by ontslag met byna 10 persent verminder.

Word die onderwyspeil van die jeugoortreders met die van gewone Bantoe-skoolleerlinge vergelyk, val dit op dat die laasgenoemde groep baie beter daaraan toe is. Waar ons die syfers met mekaar vergelyk, moet in gedagte gehou word dat die gegewens vir die jeugoortreders vanaf 1937 - 1950 strek terwyl die gegewens vir die skoolleerlinge verkry is uit 'n ondersoek wat in 1951 ingestel is. Die vordering wat in die laaste jare met Bantoe-onderwys gemaak is, kan dus ongetwyfeld in 'n groot mate vir bogenoemde verskille verantwoordelik gehou word. Dit is moontlik ook hierdie laasgenoemde faktor wat meebring dat die gegewens in verband met die onderwyspeil in hierdie ondersoek in 'n mate verskil van wat in 1937 deur R.E. Phillips by 'n aantal Diepkloofleerlinge bevind is nl. dat 64.9 persent geen skoolopleiding gehad het nie, 13.3 persent in die grade was terwyl 21.1 persent in standerd een of 'n hoër standerd was (13, p.194).

Uit bogenoemde gegewens kan nie afgelei word dat 'n verbetering van die onderwyspeil op sigself 'n vermindering in die misdaad sal meebring nie, aangesien die een nie die gevolg van die ander is nie maar albei eerder die gevolg van dieselfde maatskaplike toestand is. Van Bemmelen is selfs die teenoorgestelde mening toegedaan: „Iedere verhoging van het algemene geestespeil brengt nieuwe maatschappelijke eisen met zich mee, die de kansen voor zwakkeren verminderen. Doordat het aantal minder begaafden sneller toeneemt dan het aantal begaafden, zal eerder een stijging van de criminaliteit te verwachten zijn van een verhoging van het algemeen ontwikkelingspeil" (17, p.p.278-279).

W.A. Willemse daarenteen, wys daarop dat vertraging op skool baie algemeen by jeugoortreders voorkom. Hy vat sy bevindinge as volg saam: „Between 65 and 75 per cent of the boys cannot pass the primary school before the age of sixteen years. Only 14 per cent of the boys and 8 per cent of the girls have no school-failures and adjustment difficulties recorded against them" (20, p.p.109-110).

Tabel 4: 'n Ontleding van die onderwyspeil van Bantoejeugoortreders.

| Onderwys-peil. | Persentasie by opname. | Persentasie by ontslag. | Persentasie van 3968 skoolleer-linge (1, p.12). |
|---|---|---|---|
| Geen | 42.8 | 33.8 | - |
| Grade | 11.6 | 13.0 | 35.7 |
| St.1 | 14.2 | 14.4 | 14.9 |
| 2 | 11.4 | 10.4 | 11.6 |
| 3 | 5.6 | 6.0 | 9.5 |
| 4 | 5.0 | 5.6 | 7.8 |
| 5 | 3.2 | 3.6 | 6.3 |
| 6 | 2.2 | 3.4 | 5.6 |
| 7 | .6 | .6 | 4.0 |
| 8 plus | - | .2 | 4.6 |
| Ontbreek | 3.4 | 9.0 | - |
| Totaal | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

(e) Gehalte werker:

Vergelykbare gegewens oor hierdie aspek van die ondersoek is moeilik verkrygbaar omdat die verskynsel van kinderarbeid baie min voorkom, veral nie in lande waar skoolplig geld nie.

Tabel 5: 'n Ontleding van werkgewoontes van Bantoejeugmisdadigers.

| Soort werker. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Leegloper | 40.6 | 203 |
| Ongereelde werker | 20.8 | 104 |
| Gereelde werker | 21.8 | 109 |
| Onbekend | 16.8 | 84 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Dit val uit bogenoemde tabel op dat 'n relatief klein gedeelte van die gevalle gereelde werkers was, terwyl 40.6 persent absolute leeglopers was. Dat leeglopery in noue verband met jeugmisdaad staan, is voor die hand liggend. In die eerste plek

is daar 'n oormatige hoeveelheid vrye tyd wat dikwels tot kattekwaad en later tot misdaad aanleiding kan gee. Verder kan die werkloosheid onbevredigende, materiële behoeftes laat ontstaan wat dan op 'n ongeoorloofde wyse bevredig word. Daar moet ook in gedagte gehou word dat swak werkgewoontes nie noodwendig in kousale verband tot misdaad hoef te staan nie maar dat dit dikwels uit dieselfde persoonlikheidsfaktore as misdaad spruit. Willemse sê in die verband „Many delinquents are temperamentally too unstable to be bound down to a definite system of progress" (20, p.68).

Dieselfde skrywer wys verder daarop dat die sg. „Blind-alley" beroepe nie die nodige aanmoediging om vol te hou vir die werker bied nie. Die gevolg is dat daar voortdurend beroepsverandering is met die noodwendige tussenposes van werkloosheid. Lae onderwyskwalifikasies is dan ook die vernaamste oorsaak vir die opneem van sulke doodloop-baantjies.

# HOOFSTUK 4.

## DIE MAATSKAPLIKE AGTERGROND.

### A. Die Gesinsamestelling.

1. Gesinsvolledigheid:

Volgens tabel 6 het slegs een-derde van die Bantoejeugoortreders waaroor hierdie studie gaan, uit ouerhuise gekom waar albei die ouers saamleef terwyl een ouer in 45.0 persent van die gevalle ontbreek het. Dit val verder op dat hierdie laasgenoemde groep vir die oorgrote meerderheid bestaan uit gevalle waar die vader ontbreek nl. 37.4 persent[1] terwyl die groep waar die moeders ontbreek het, slegs 7.6 persent van die totale groep gevorm het.

Tabel 6: 'n Ontleding van gesinsvolledigheid by Bantoejeugoortreders.

| Gesinsamestelling. | | Persentasie. | | Getal. | |
|---|---|---|---|---|---|
| Albei ouers teenwoordig | | | 33.2 | | 166 |
| Vader ontbreek | Een ouer ontbreek | 45.0 | 37.4 | 225 | 187 |
| Moeder ontbreek | | | 7.6 | | 38 |
| Albei ouers ontbreek | | | 14.6 | | 73 |
| Geen inligting | | | 7.2 | | 36 |
| Totaal | | | 100.0 | | 500 |

W.W.J. Kieser wat ondersoek ingestel het na 936 Bantoejeugoortreders van die Diepkloofverbeteringskool, bevind dat altwee die ouers by 32.6 persent van sy gevalle geleef het (11, p.52).

Van groot vergelykende betekenis is die bevindinge van G.V. Bothma (1, p.9) nl. dat uit 'n opname van 1354 Bantoegesinne in Atteridgeville, 406 (d.w.s. ± 30%) daarvan onvolledig was terwyl die ooreenstemmende syfer in die eie ondersoek ± 60 persent was. Daar moet egter bygevoeg word dat die gevalle wat Bothma in sy ondersoek ingesluit het, nie soos in die eie ondersoek ongehude moeders ingesluit het nie.

G.M. Retief bevind in sy ondersoek van 200 Bantoejeugoortreders dat 44.0 persent uit volledige en 56.0 persent uit onvolledige ouerhuise afkomstig is. In sy kontrolegroep van 200 Bantoeskoolleerlinge vind hy gesinsvolledigheid by 71.0 persent en gesinsonvolledigheid by 29.0 persent (14, p.197). Die Gluecks (10, p.88) het bevind dat 50.2 persent van hulle 500 jeugoortreders nog albei ouers gehad het terwyl 42.6 persent slegs een ouer en 7.2 persent geen ouers gehad het nie. Exner, aangehaal deur Van Bemmelen, gee die volgende syfers vir 2000 jeugoortreders in Duitsland: Een

14/...

1) Daar moet onthou word dat die hoë persentasie waar die vader ontbreek, moontlik veroorsaak is deur 'n groot aantal buite-egtelike kinders wat by hierdie groep ingesluit is.

ouer oorlede 25.3 persent, albei oorlede 2.9 persent (17, p.210).

Dit is nie net die blote afwesigheid van die ouer wat 'n groot rol speel nie, maar dis veral die ouderdom waarop die kind sonder ouers moes klaarkom wat van deurslaggewende betekenis is. J. Bowlby wys daarop dat dit veral kinders onder die ouderdom van 5 jaar is wat gevaar loop om later probleme te ondervind as die ouerversorging ontbeer word. Dieselfde skrywer wys daarop dat dit veral die afwesigheid van die moeder op 'n kritieke ouderdom van die kind is wat tot latere wangedrag aanleiding kan gee: "..... on the basis of this varied evidence it appears that there is a very strong case indeed for believing that prolonged separation of a child from his mother (or mother substitute) during the first five years of life stands foremost among the causes of delinquent character development" (2, p.34). Uit die gegewens van die onderhawige ondersoek blyk dit dan ook dat die moeder in ten minste 22.2 persent van die gevalle ontbreek het. In die gevalle waar die vader ontbreek (in hierdie ondersoek in 37.4 persent van die gevalle) bring dit soms mee dat die moeder loonarbeid moet verrig. By die Bantoevrou beteken dit dikwels dat sy elders gaan woon en dat die versorging van haar kinders deur iemand anders behartig moet word. Die ontbering van moederliefde kom dus in hierdie gevalle ook algemeen voor.

2. Verblyf tydens misdaad:

In noue verband met die gesinsvolledigheid is die plek van verblyf, dit wil sê die onmiddellike huislike kring van die jeugoortreder tydens die pleging van die misdaad waarvoor hy na die verbeteringskool verwys is.

Tabel 7: 'n Ontleding van verblyf van Bantoejeugoortreders tydens misdaad.

| Aard van verblyf. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Ouers (eie of stief) | 58.0 | 290 |
| Grootouers | 5.8 | 29 |
| Voog of familie | 7.8 | 39 |
| Elders | 22.4 | 112 |
| Onbekend | 6.0 | 30 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat 'n relatief groot persentasie van die gevalle waaroor hierdie studie gaan "elders" woonagtig was, dit wil sê by hul werkgewers of vriende of meestal sonder vaste verblyf was. Van ouerlike beheer en toesig was daar dus by hierdie groep geen sprake nie. 'n Verdere 13.6 persent het nog by grootouers, ander familie of voogde ingewoon, wat die totale persentasie wat weg van die ouers gewoon het, op 36.0 persent te staan bring. G.M. Retief se gegewens in die verband is die volgende: 79.0 persent het by eie of stiefouers, 1.0 persent by pleegouers, 13.0 persent by familie en 7.0 persent by vreemdes ingewoon (14, p.202). Retief se steekproef sluit egter nie jeugoortreders van geen permanente woonplek in nie. Gevalle waarvan die woonplek nie opgespoor kon word nie, is ook nie in die steekproef opge-

neem nie (14, p.10).

3. Kindertal:

Van Bemmelen wys daarop dat gedragsafwykende kinders meer dikwels as ander kinders uit groot gesinne kom (17, p.207). Die Gluecks maak die volgende opmerking in die verband: "Our prisoners are thus shown to come from families appreciably larger than the average Massachusetts family, a fact which, taken together with the low economic level and frequently associated evils of crowding, bad sanitation, and poor neighbourhood conditions, is of true significance. The precise weight to be given to this factor of large families in criminal causation is, however, impossible to determine" (9, p.120).

In tabel 8 word die gegewens soos in hierdie ondersoek bevind, uiteengesit.

Tabel 8: 'n Ontleding van kindertal in gesinne van Bantoejeugoortreders.

| | Kindertal. | | | | | | | | | | Ontbreek. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10+ | | |
| Persentasies. | 7.4 | 8.0 | 14.8 | 16.0 | 12.4 | 11.4 | 6.4 | 5.0 | 2.4 | 4.0 | 12.2 | 100.0 |
| Getal. | 37 | 40 | 74 | 80 | 62 | 57 | 32 | 25 | 12 | 20 | 61 | 500 |

Volgens bogenoemde tabel het die grootste enkele persentasie van die groep jeugoortreders, nl. 16.0 persent uit gesinne van 4 kinders gekom. Die gemiddelde getal kinders per gesin vir die 438 gevalle waarvoor gegewens beskikbaar was, is 5.2. J.F. Eloff het in sy ondersoek gevind dat die gemiddelde kindertal vir 100 Bantoegesinne te Atteridgeville 4.1 per gesin was. Dit wil dus volgens hierdie ondersoek voorkom asof die Bantoejeugoortreder gemiddeld uit gesinne wat groter is as die deurslag Bantoegesin in Atteridgeville, afkomstig is. Die ondersoek van Eloff het egter ook kinderlose gesinne ingesluit terwyl dit by die eie ondersoek nie die geval kon wees nie want dit is gesinne van jeugoortreders; met ander woorde daar moes ten minste een kind in die gesin gewees het.

4. Geboorterangnommer:

Wat betref die rol van die geboorterangnommer verwys Van Bemmelen (17, pp.218-225) na die bevindinge van verskeie ondersoekers wat 'n aanduiding gevind het dat die eerste kinders van gesinne meer dikwels as ander kinders in misdaad verval. Sy bevinding is die volgende: „Een ding staat echter met grote sekerheid vast: de oudste kinderhelft is uit crimineel oogpunt meer belast dan de jongste kinderhelft" (17, p.223). Hierteenoor vind die Gluecks wat geboorterangnommer betref, geen beduidende verskil tussen jeugoortreders en nie-oortreders nie: "Table XI-5 shows that, contrary to general expectation, lower proportions of the delinquent boys were only children, first children, or youngest children" (10, p.120).

In die eie ondersoek wat in teenstelling met die ondersoeke waarna reeds verwys is, op Bantoes betrekking het, is bevind dat die oudste kinders 'n relatief groot bydrae tot die totale groep van 500 oortreders lewer (Vgl. tabel 9). Dit val

16/...

verder op dat die ooreenstemmende bydrae tot die groep geleidelik afneem namate die geboorterangnommer toeneem.

Tabel 9: 'n Ontleding van die geboorterangnommer van Bantoejeugoortreders.

| Rangnommer. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| 1 | 22.0 | 110 |
| 2 | 12.8 | 64 |
| 3 | 8.8 | 44 |
| 4 | 6.4 | 32 |
| 5 | 1.8 | 9 |
| 6 | 1.6 | 8 |
| 7 | .6 | 3 |
| 8 | - | 0 |
| Jongste | .2 | 1 |
| Ontbreek | 45.8 | 229 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Daar kan egter nie in hierdie rigting na 'n kousale verband gesoek word, alvorens daar 'n aanduiding is van hoe 'n groot persentasie van die bevolking van 'n sekere ouderdom eerste, tweede, derde ens. kinders van hulle gesinne is nie. Dit is vanselfsprekend dat die bevolking veel meer eerste as bv. vierde kinders sal insluit. 'n Soortgelyke verspreiding kan dan ook onder 'n groep jeugoortreders verwag word. Verder moet daarop gelet word dat gegewens in byna 46 persent van die gevalle ontbreek en dat daar dus geen afdoende afleiding gemaak kan word nie.

## B. Die Ekonomiese Agtergrond.

### 1. Beroep van Vader:

Die algemeenste beroep by die vaders van die Bantoejeugoortreders waaroor hierdie studie gaan, was die van arbeider, nl. in 36.4 persent van die gevalle. J.F. Eloff gee ook 'n beroepsindeling van die vaders by 100 Bantoegesinne te Atteridgeville en vind dat 35.0 persent arbeiders is (6, p.143). Die gegewens in hierdie twee ondersoeke is egter nie heeltemaal vergelykbaar nie omdat die beroepsindeling onderling van mekaar verskil.

'n Verdere leemte in die gegewens van die eie ondersoek is die groot persentasie nl. 45.4 persent oor wie daar geen gegewens bekombaar was nie.

Tabel 10: 'n Ontleding van beroep van vaders van Bantoejeugoortreders.

| Beroep van Vader. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Arbeider | 36.4 | 182 |
| Professie | 1.0 | 5 |
| Eie Besigheid | 3.6 | 18 |
| Boerdery | 4.0 | 20 |
| Polisie | 1.4 | 7 |
| Klerklik | .6 | 3 |
| Ander | 5.2 | 26 |
| In gevangenis | .8 | 4 |
| Werkloos | 1.6 | 8 |
| Onbekend | 45.4 | 227 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

2. Loonarbeid van die Moeder:

In tabel 11 word 'n persentasieverdeling van Bantoejeugoortreders volgens die loonarbeid van hul moeders gegee.

Tabel 11: 'n Ontleding van loonarbeid van moeders van Bantoejeugoortreders.

| Loonarbeid al dan nie. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Ja | 36.8 | 184 |
| Nee | 35.2 | 176 |
| Onbekend | 28.0 | 140 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Volgens tabel 11 het meer as een-derde van die moeders van die Bantoejeugoortreders loonarbeid verrig. Eloff (6, p.144) vind egter in sy ondersoek dat 52 persent van die moeders van sy proefgesinne loonarbeid verrig het. Uit tabel 11 wil dit dus voorkom asof die Bantoejeugoortreders se moeders in 'n minder mate loonarbeid verrig het as die moeders in deursnee gesinne. Die groot getal jeugdiges oor wie daar geen inligting beskikbaar was nie, kan moontlik hier 'n rol speel. Dit is ook 'n bekende feit dat dit nie soseer die loonarbeid van die moeder is wat van belang is nie as die ouderdom van die kind waarop die moeder loonarbeid verrig.

3. Die Gesinsinkomste:

Om die welstandspeil van die Bantoe te bepaal, kon om die volgende redes moeilik van eksakte meetmiddele gebruik gemaak word.

1. Die ondersoek handel oor 'n tydperk van 14 jaar; en 14 jaar waarin ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika snel verander het. Dieselfde maatstaf kon dus nie deurgaans toegepas word nie.
2. Die gesinsgrootte is in hierdie verband een van die vernaamste bepalende faktore. Waar die inkomste van die gesin dus bekend was en die gesinsgrootte onbekend, kon die welstandspeil nie duidelik bepaal word nie.
3. Dieselfde inkomste sal aan die Bantoegesin wat in die Bantoegebiede, op die platteland of in 'n stad woon, nie dieselfde mate van welstand verskaf nie.
4. Die gesin met die laagste inkomste is ook nie noodwendig altyd die gesin wat die grootste armoede ly nie want die manier waarop die inkomste bestee word, speel 'n groot rol.
5. Dikwels kry die Bantoe 'n deel van sy inkomste in goedere. Hierdie vorme van vergoeding is moeilik op 'n eksakte wyse meetbaar.

Om bogenoemde redes kon geen eksakte maatstaf toegepas word nie. Die opmerking in die proefbeampte se verslag met betrekking tot die welstandspeil van die gesin, is deurgaans aanvaar.

Dit word vandag dikwels aanvaar dat armoede verband hou met jeugmisdadigheid So bevind die Gluecks dat ekonomiese afhanklikheid by 28.6 persent van hulle jeugoortreders voorgekom het terwyl dit slegs by 12.0 persent van hulle kontrolegroep voorgekom het (10, p.84). Burt daarenteen waarsku dat armoede as kriminogene faktor nie te hoog aangeslaan moet word nie: "And, when nearly half the offenders come from homes that are far from destitute, poverty can hardly be the sole or the most influential cause" (3, p.70).

Die volgende gegewens is in dié verband in hierdie ondersoek gevind.

Tabel 12: 'n Ontleding van inkomste van gesinne van Bantoejeugoortreders.

| Aard van inkomste. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Baie goed | 1.0 | 5 |
| Goed | 2.4 | 12 |
| Gemiddeld | 27.8 | 139 |
| Swak | 20.6 | 103 |
| Baie Swak | 29.8 | 149 |
| Onbekend | 18.4 | 92 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Uit tabel 12 blyk dit dat die inkomste by meer as die helfte van die gesinne in hierdie ondersoek swak tot baie swak is, terwyl slegs 3.4 persent 'n goeie inkomste gehad het. Hierdie gegewens nl. gesinsinkomste, kan egter nie in veroorsakende verband tot misdaad gebring word alvorens syfers oor die inkomste van die Bantoebevolking in die geheel beskikbaar is en met tabel 12 vergelyk word nie. Daardie gegewens bestaan egter nie.

## C. Woonplek en Woning.

### 1. Die Woonplek van Bantoejeugoortreders.

Welbekende sosioloë soos Sorokin en Zimmerman wys op die landelik-stedelike verskille in misdaad en som hulle bevindinge as volg op: "In spite of the lack in the country of many anti-criminal agencies, and moralizing and socializing institutions which exist in the city, on the whole, rural or agricultural criminality, according to the residence of the offenders or the place of perpetration, is somewhat lower than that of the urban population, as a whole, or those of the majority of the large occupational classes with the exception of the professional and official groups. This means, that from the moral and social standpoint, the rural population or agricultural class can compete successfully with the urban population. Socially it is sound and morally it is a law-abiding class" (16, p.401). Verder gee hulle die volgende verklaring vir hierdie verskille: "The somewhat greater urban criminality is due to a series of specific urban conditions. Among them especially important parts are played by the greater instability of the city family, the greater heterogeneity and mobility of the city population, the greater number of contacts of the city dwellers, and by other secondary factors which have been the satellites of the city agglomerations" (16, p.401).

Die eie ondersoek het in hierdie verband gegewens soos saamgevat in tabel 13, aan die lig gebring.

Tabel 13: 'n Ontleding van woonplek van die Bantoejeugoortreders volgens die woonplek van die totale Bantoebevolking.

| Woonplek. | Oortreders Persentasie. | | Bevolking [1] Persentasie. (23, p.28) | Oortreders Getal. |
|---|---|---|---|---|
| Stad | 40.0 | 65.4 | 27.1 | 200 |
| Dorp | 25.4 | | | 127 |
| Platteland | 13.6 | | 30.3 | 68 |
| Bantoegebiede | 8.6 | | 42.6 | 43 |
| Onbekend | 12.4 | | - | 62 |
| Totaal | 100.0 | | 100.0 | 500 |

Uit bogenoemde tabel is af te lei dat die omvang van jeugmisdaad by Bantoejeugdiges omgekeerd eweredig is aan die mate van verstedeliking. Byna twee-derdes van die

20/...

[1] Hierdie gegewens het betrekking op die toestand soos in 1951.

gevalle, nl.65.4 persent, het in dorpe en stede vir Blankes gewoon terwyl slegs 27·1 persent van die totale Bantoebevolking van die Unie in stede en dorpe gewoon het. 'n Ewegroot verskil word by die Bantoegebiede gevind. Meer as veertig persent van die Bantoebevolking woon in Bantoegebiede terwyl minder as tien persent van die jeugoortreders uit Bantoegebiede afkomstig is.

Samevattend kan dus gesê word dat die Bantoebevolking van die stedelike gebiede 'n bydrae tot jeugmisdaad lewer wat in verhouding tot hul bydrae tot die totale bevolking groot is terwyl die Bantoebevolking van die platteland en Bantoegebiede 'n bydrae tot jeugmisdaad lewer wat in verhouding tot hul bydrae tot die totale bevolking klein is. Verskeie faktore kan vir hierdie verskille verantwoordelik wees. Eerstens kan die verval van die Bantoe se tradisionele gesinslewe in die stede genoem word. Die Bantoegesin in die stad is nie meer 'n gesags-, ekonomiese, opvoedkundige en sosiale eenheid nie. Die disintegrasie van die gesinslewe het versterking van individualisering tot gevolg. Die behoudende werking van die patriargale gesag in die familie gaan verlore sodat die verval tot jeugmisdaad daardeur bevorder word. Waar die gesag van die ouers of ouer familielede reeds gefaal het, het ander vorme van gesag in die reël min sukses.

Verstedeliking het nie slegs 'n ondermynende uitwerking op die gesinslewe nie maar dit werk ook verval van die stamtradisies in die hand. 'n Belangrike inhiberende faktor gaan so verlore en daar benewens is die Bantoe nie instaat om die kultuur van die Blanke beskawing met sy norme en gedragskodes oor te neem nie. Die gevolg is dat hy verward raak en koersloos ronddobber. In die Bantoegebiede is die invloed van die eie kultuur en tradisies sterk; die tradisie skryf die gedragswyse baie duidelik voor en elke lid van die groep weet wat van hom verwag word want hy word nie deur gedragskodes van 'n vreemde kultuur verwar nie.

Die kultuurkonflik waarin die stedelike Bantoe beland, kan ook op 'n meer direkte wyse tot misdaad aanleiding gee. Met betrekking tot kultuurkonflik in die algemeen beweer J. Sellin die volgende: "The failure of a person to follow a prescribed pattern of behaviour is due to the inconsistency and lack of harmony in the influences which direct the individual......" (15, p.61). Wetgewing kan dus strydig wees met die stamgewoontes en sodoende daartoe lei dat misdade gepleeg word. So word dit by sommige Bantoes as 'n eer en 'n plig beskou om van 'n ander stam te steel, dog hy mag nie van sy eie mense steel nie. Poligamie bierbrouery en daggarook is ook 'n inherente deel van die tradisionele Bantoe-leefwyse en -opvoeding (11, pp.66-67) dog volgens die Blanke se regspleging is dit misdade.

Sellin wys as volg op toestande in Amerika: "We need only to recall the effect on the American Indian of the culture conflicts induced by our policy of acculturation by guile and force. In this instance, it was not merely contact with the white man's culture, his religion his business methods, and his liquor, which weakened the tribal mores. In addition the Indian became subject to the white man's law and this brought conflicts as well as has always been the case when legal norms have been imposed upon a group previously ignorant of them" (15, p.64).

De Vos stel die invloed van kultuurkonflik as volg: "As kultuurinstellinge, mores, ens., deur kultuurkonflik ondermyn word, dan vind ons dat die individu in 'n groot mate bevry is van daardie magte, die mores, wat hom aan sy medemens koppel, dat die individu meer ge-individualiseerd en die gemeenskap meer gesekulariseer geword het. Die resultaat is 'n groter sosiaal-sielkundige isolasie en vereensaming. Daar is gebrek aan rigtinggewende elemente wat die individu lei by die maak van sekere be-

sluite en die verrigting van sekere handelinge. Hy vind hom derhalwe gedurig in toestande waarin dit moeilik is om op 'n wyse te handel wat sy eie selfwaardering in bepaalde maatskaplike situasies versoen met die gemeenskapseise. Die resultaat is gedurige konflikte, geestelike uitputting en maatskaplike afwykinge. Die persoon word meer en meer op homself aangewys om sy eie besluite te maak en handelend op te tree in 'n gemeenskap wat self rigtingloos is. Die gevolg is dat hy die bestaande mores uitbuit na eie wil en vir eie welsyn. Op hierdie wyse speel hy dan baie verskillende rolle in die lewe, en gooi hy sy gemeenskapsverantwoordelikheid van hom af" (19, p.137).

Sommige van die voorgenoemde faktore dra 'n aansienlike deel by tot die landelik-stedelike verskille wat reeds bespreek is dog daar is ook ander faktore wat 'n bydrae lewer.

Die polisiemag in die Bantoegebiede is in verhouding tot die bevolking nie so sterk as in die stede en dorpe nie en sekere misdade sal nie so maklik onder die aandag kom nie. Waar die Bantoe nog in sy stamverband woon, word alle misdade nie aan die polisie gerapporteer nie deurdat die dader en die veronregte of hulle families dikwels die saak self besleg sonder om die hulp van die polisie in te roep. Deur die uitgestrektheid en afgeleë aard van sommige Bantoegebiede, is dit te betwyfel of alle misdade, al word die geskil ook nie onderling besleg nie, aan die polisie gerapporteer word.

## 2. Die Algemene Woningtoestand van Bantoejeugoortreders.

C. Burt wys veral op een aspek van swak woningtoestande wat met jeugmisdaad in London verband hou nl. oorvol huise. "Taking all London, borough by borough, the correlation between overcrowding and juvenile delinquency is a high one: the coefficient is .77, a figure larger than that obtained from any other social comparisons made in the table" (3, p.88). Verder wys hy dan ook hoe oorvol huise jeugmisdaad in die hand werk: "Overcrowding may operate in various ways according to the different mental disturbances it may set up. Of these the more subtle are greater and graver than the more obvious. Where all ages and both sexes are huddled together within one stifling room, decency is difficult delicacy impossible, and premature acquaintance with conjugal relations all but unavoidable: under such conditions an early pre-occupation with sexual topics develops very readily; and sexual malpractices are not unknown between members of the same household" (3, p.88).

'n Verdere nadeel van oorvol huise is dat daar binnenshuis vir die kind weinig ruimte is met die gevolg dat hy dikwels op straat moet verkeer. Hier is die omstandighede meestal sodanig dat die kind maklik verlei word.

Dit is baie moeilik om die woningtoestand van die Bantoe te beoordeel want wat die Blanke as uiters oorvol toestande beskou, kan vir die Bantoe 'n natuurlike toestand wees selfs in tradisionele lewensomstandighede. Die beoordeling van die woningtoestande volgens 'n vaste maatstaf uit die lêers was nie moontlik nie met die gevolg dat slegs die beoordeling deur die proefbeampte vir netheid en oorbewoning as maatstaf gebruik is.

Die volgende maatstaf is by die beoordeling van die algemene woningtoestand gebruik:

(a) Goed en baie goed: Huis word netjies gehou en is nie oorvol nie. Gemid-

delde lokasietoestande tot woningtoestande volgens blanke standaard.

(b) Swak en uiters swak: Huis is of oorvol of onnet. Krottoestande van 'n plakkerskamp.

(c) Tradisioneel: Volgens kraalwoontoestande.

Tabel 14: 'n Ontleding van die woningtoestand van Bantoejeugoortreders.

| Aard van algemene woningtoestand. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Goed en baie goed | 40.2 | 201 |
| Swak | 16.8 | 84 |
| Tradisioneel | 11.2 | 56 |
| Onbekend | 31.8 | 159 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Uit bostaande tabel blyk dit dat 'n betreklik groot persentasie nl. 40.2 persent van die Bantoejeugoortreders in hierdie studie in relatief goeie woningtoestande opgegroei het. As die afdeling "tradisioneel" ook as gunstig beskou word, skuif hierdie persentasie nog hoër nl. na 51.4 persent.

Wat die huislike omstandighede van Bantoes betref, kom G.M. Retief tot die volgende slotsom: "Anders as wat die geval by Blankes is, leef naturellejeugoortreders nie vir 'n groter persentasie as nie-oortredende naturelle in wonings van 'n swak gehalte en in oorbewoonde huise nie" (14, p.146).

D. Sedelike Toestand en Kerkverband van gesinne van Bantoejeugoortreders.

1. Die Sedelike toestand van die ouers:

Tabel 15: 'n Ontleding van sedelike toestand van ouers van Bantoejeugoortreders.

| Sedelike toestand van Ouers.[1] | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Goed | 52.0 | 260 |
| Gemiddeld | 11.2 | 56 |
| Swak | 13.4 | 67 |
| Uiters swak | 1.0 | 5 |
| Onbekend | 22.4 | 112 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

23/...

(1) Goed - Geen misdaad of wangedrag bekend.

Gemiddeld - Geen ernstige misdaad of wangedrag wat langtermyn vonnis meebring bekend nie.

Swak - Wel misdaad met gevangenisstraf dog nie tronkvoël nie.

Uiters swak - Gereelde oortreder.

In meer as die helfte van die gevalle in hierdie ondersoek was die ouers van goeie sedelike gehalte, dit wil sê mense wat hulle nie aan misdaad of wangedrag skuldig gemaak het nie. Hierteenoor het 13.4 persent hulle aan ernstige misdade dit wil sê wat gevangenisstraf meegebring het, skuldig gemaak, terwyl 1.0 persent as gereelde misdadigers beskou kon word. By hierdie laasgenoemde twee groepe het ons te doen met wat Burt noem, "the vicious home". Hy wys as volg op die betekenis daarvan: "Vicious percepts are far less common than vicious examples; and, as a rule, the example is not so much directly copied, as indirectly absorbed as a disturbing element or demoralizing atmosphere. To know that his own father is in prison or his own mother a profligate, is quite sufficient, without any open incitement, to turn a child's thoughts towards lawlessness and vice" (3, p.99).

2. Die Kerkverband van ouers van Bantoejeugoortreders:

Tabel 16: 'n Ontleding van kerkverband van ouers van Bantoejeugoortreders.

| Kerkverband. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Geen | 13.2 | 66 |
| Rooms-Katoliek | 10.2 | 51 |
| Afrikaans-Protestants | 3.0 | 15 |
| Engels-Protestants | 34.2 | 171 |
| Ander | 21.0 | 105 |
| Onbekend | 18.4 | 92 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Uit tabel 16 blyk dit dat die ouers van die grootste groep jeugoortreders nl. 34.2 persent aan Engels-Protestantse kerke behoort het terwyl 13.2 persent aan geen kerk en 10.2 persent aan die Rooms-Katolieke kerk behoort het.

Dat 'n bepaalde gesindte direk met jeugmisdaad verband hou, kan nie aanvaar word nie want blote lidmaatskap van 'n kerk is nog geen waarborg van 'n persoon se innerlike godsdienstigheid nie. Van belang in die verband is die aantal lidmate uit die totale bevolking wat aan 'n bepaalde gesindte behoort. Hierdie gegewens is nie vir die totale Bantoebevolking beskikbaar nie en daarom het 'n vergelyking van jeugoortreders volgens kerkverband weinig waarde. Verder mag die lidmaatskap van 'n bepaalde kerk met bepaalde lewensomstandighede wat op hulle beurt met misdaad verband kan hou, saamhang.

# HOOFSTUK 5.

## DIE GEDRAG VOOR OPNAME IN DIE VERBETERINGSKOOL.

1. Groepverband:

Dat bendevorming 'n belangrike verskynsel in die bestudering van jeugmisdaad is, word deurgaans besef. A.K. Cohen is een van die skrywers wat veral baie klem lê op die misdaadsubkultuur soos dit in die jeugbende aangetref word. "The delinquent subculture, we suggest, is a way of dealing with the problems of adjustment we have described. These problems are chiefly status problems; certain children are denied status in the respectable society because they cannot meet the criteria of the respectable status system. The delinquent subculture deals with these problems by providing criteria of status which these children can meet" (5, p.121).

Tabel 17: 'n Ontleding van groepvorming by misdaadpleging van Bantoejeugoortreders.

| Misdaad saam met maats gepleeg. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Ja | 29.4 | 147 |
| Nee | 70.6 | 353 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Dat die invloed van die groep ook by die gevalle in hierdie ondersoek 'n rol gespeel het, blyk uit bogenoemde tabel want in meer as een kwart van die totale groep was daar duidelike gegewens dat die misdaad in 'n groepsverband gepleeg is. Hoeveel van hierdie groepe werklik georganiseerde bendes was, kon nie vasgestel word nie. W.W.J. Kieser (11, p.72) bevind egter dat 44 persent van sy gevalle hulle misdade in groepe van 2 of meer gepleeg het.

2. Aantal oortredings voor opname:

Tabel 18: 'n Ontleding van aantal oortredings van Bantoejeugoortreders voor opname.

| Aantal vorige oortredings[1] | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| 0 | 20.6 | 103 |
| 1 | 29.8 | 149 |
| 2 | 26.2 | 131 |
| 3 | 13.2 | 66 |
| 4 | 7.0 | 35 |
| 5 | 1.8 | 9 |
| 6 | 1.0 | 5 |
| 7 | .2 | 1 |
| 8+ | .2 | 1 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

25/...

(1) Hiermee word bedoel aantal oortredings waarvoor skuldig bevind voor opname in inrigting. Die oortreding(s) waarvoor opgeneem, is uitgesluit.

Volgens tabel 18 was ongeveer een-vyfde van die gevalle in hierdie studie eerste-oortreders toe hulle in die inrigting opgeneem is terwyl 29.8 persent en 26.2 persent onderskeidelik een en twee vorige oortredings op hul kerfstok gehad het. 79.4 persent van die gevalle in hierdie ondersoek was dus reeds al een of meer keer skuldig bevind op aanklag van misdaad, en ander vorme van straf as verbeteringskoolbehandeling is dus onsuksesvol opgelê.

3. Tydsduur tussen eerste bekende oortreding en oortreding waarvoor in inrigting opgeneem.

Tabel 19: 'n Ontleding van tydsduur tussen eerste bekende oortreding en oortreding waarvoor in inrigting opgeneem.

| Tydperk in maande. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| 6 maande en minder | 22.4 | 112 |
| 7 - 12 | 12.4 | 62 |
| 13 - 24 | 19.6 | 98 |
| 25 - 36 | 10.6 | 53 |
| 37 - 48 | 5.2 | 26 |
| 49 - 60 | 4.6 | 23 |
| 61+ | 4.6 | 23 |
| Geen vorige misdaad | 20.6 | 103 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Uit bogenoemde verspreiding blyk dit dat meer as die helfte van die gevalle in hierdie studie binne twee jaar nadat hy vir die eerste keer vir 'n misdaad skuldig bevind is, in die verbeteringskool opgeneem moes word.(1) Die grootste persentasie nl. 22.4 persent pleeg binne die eerste ses maande na hulle eerste skuldigbevinding so 'n ernstige misdaad dat hulle na die verbeteringskool verwys moes word. Die gevalle van Bantoejeugoortreders wat na hul eerste skuldigbevinding weer in misdaad verval, kom dus betreklik gou met sulke ernstige misdade voor die dag dat hulle in 'n verbeteringskool opgeneem moet word. Dit is egter van uiterste belang om hier daarop te wys dat die anti-sosiale gedragspatroon van die verbeteringskoolleerling soms reeds van lange duur is en dus diepgewortel mag wees teen die tyd dat hy vir die eerste keer skuldig bevind word.

26/...

(1) Daar dien hier op gelet te word dat hier van eerste skuldigbevindinge gepraat word en dat dit nie noodwendig die eerste oortreding hoef te wees nie.

4. Die aard van die oortredings waarvoor Bantoejeugoortreders in die verbeteringskool opgeneem is.[1]

Ekonomiese misdade is die vernaamste rede vir toewysing van Bantoejeugoortreders na die verbeteringskool. Sowat 80.0 persent is om hierdie rede toegewys. Die orige 20.0 persent van die gevalle is betreklik gelykmatig versprei oor die ander groepe misdade met die hoogste persentasie nl. 5.0 persent vir verkragting.

Tabel 20: 'n Ontleding van aard van oortreding waarvoor opgeneem.

| Aard van oortreding. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Ekonomiese misdade | 80.0 | 400 |
| Roof | 3.8 | 19 |
| Verkragting en poging tot | 5.0 | 25 |
| Moord, manslag en poging tot | 4.0 | 20 |
| Aanranding, stamgevegte | 3.2 | 16 |
| Ander | 4.0 | 20 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

W.W.J. Kieser het bevind dat 69.5 persent van sy groep vir huisbraak en diefstal in die verbeteringskool opgeneem is, 10.7 persent vir aanranding, 5.6 persent vir roof, 4.1 persent vir verkragting en 4.7 persent vir moord en strafbare manslag (11, p.52).

Die hoë voorkoms van ekonomiese misdade kan deels daaraan toegeskryf word dat dié soort misdade vir die oortreder direkte materiële voordeel inhou. Die geleentheid om ekonomiese misdade te pleeg, kom ongetwyfeld ook meer algemeen voor as by ander soorte misdade.

Dit mag ook betekenis hê om daarop te wys dat 'n verdere ontleding van die gegewens aan die lig gebring het dat Blankes die veronregtes was in 3 van die 25 gevalle van verkragting of poging tot verkragting wat voorgekom het. Van die 20 gevalle van moord, poging tot moord en manslag wat voorgekom het, was vier van die benadeeldes Blankes. Verder het dit opgeval dat al vier hierdie misdade beplan was terwyl beplanning baie selde voorgekom het by die 16 gevalle waar nie-blankes die benadeeldes was. By die vier gevalle waar die misdaad teen Blankes gemik was, is in twee gevalle van gifstowwe gebruik gemaak terwyl vergiftiging slegs by een van die 16 nie-blanke gevalle voorgekom het.

27/...

(1) Waar die jeugdige op meer as een oortreding skuldig bevind is, is slegs die ernstigste oortreding in berekening gebring.

# HOOFSTUK 6.

## TYDPERK IN INRIGTING.

1. **Gedrag in Inrigting:**

Dit blyk uit tabel 21 dat 20.8 persent van die gevalle 'n goeie inrigtingsrekord het, dit wil sê dat hulle geen inrigtingsoortredings begaan het nie. Meer as die helfte nl. 58.0 persent se gedrag was gemiddeld, dit wil sê geen ernstige inrigtingsoortredings is begaan nie terwyl enkele minder ernstige oortredings tog begaan is. Die 16.8 persent wie se gedrag as swak beskryf is, het herhaaldelike en ernstige inrigtingoortredings begaan.

Tabel 21: 'n Ontleding van gedrag van Bantoejeugoortreders in die inrigting volgens aard van oortreding.

| Gedrag in Inrigting. | Aard van oortreding waarvoor opgeneem. | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ekonomiese oortr. | Roof.[1] | Verkragting. | Moord en manslag. | Aanranding. | Ander. | Totaal. |
| Goed | 20.5 | 15.8 | 24.0 | 40.0 | 18.8 | 10.0 | 20.8 |
| Gemiddeld | 60.0 | 63.2 | 44.0 | 45.0 | 43.8 | 55.0 | 58.0 |
| Swak | 15.0 | 15.8 | 24.0 | 15.0 | 31.3 | 35.0 | 16.8 |
| Geen inligting | 4.5 | 5.3 | 8.0 | - | 6.3 | - | 4.4 |
| Totaal | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

Wat veral uit bogenoemde tabel opval, is dat die verspreiding van die gedrag by die verskillende soorte misdade onderling van mekaar verskil. So byvoorbeeld, het die groep wat vir moord en manslag opgeneem is, 'n groter persentasie gehad met 'n goeie inrigtingsrekord, as enige ander groep. By die groep gemerk "ander" word weer 'n groter persentasie oortreders met swakker rekords aangetref as by die res van die misdade.

Die groep oortreders wat vir moord en manslag opgeneem is se relatief goeie inrigtingsrekord kan in 'n mate daaraan toegeskryf word dat hierdie oortreders by opname in die inrigting 'n geringer misdaadrekord gehad het as wat die geval by enige van die ander groepe was. Vergelyk in hierdie verband tabel 21(a).

28/...

(1) As gevolg van die benadering van syfers na die desimale punt, kom die totaal van sommige kolomme nie op 100.0 te staan nie.

# HOOFSTUK 6.

## TYDPERK IN INRIGTING.

1. **Gedrag in Inrigting:**

Dit blyk uit tabel 21 dat 20.8 persent van die gevalle 'n goeie inrigtingsrekord het, dit wil sê dat hulle geen inrigtingsoortredings begaan het nie. Meer as die helfte nl. 58.0 persent se gedrag was gemiddeld, dit wil sê geen ernstige inrigtingsoortredings is begaan nie terwyl enkele minder ernstige oortredings tog begaan is. Die 16.8 persent wie se gedrag as swak beskryf is, het herhaaldelike en ernstige inrigtingoortredings begaan.

Tabel 21: 'n Ontleding van gedrag van Bantoejeugoortreders in die inrigting volgens aard van oortreding.

| Gedrag in Inrigting. | Aard van oortreding waarvoor opgeneem. | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ekonomiese oortr. | Roof.(1) | Verkragting. | Moord en manslag. | Aanranding. | Ander. | Totaal. |
| Goed | 20.5 | 15.8 | 24.0 | 40.0 | 18.8 | 10.0 | 20.8 |
| Gemiddeld | 60.0 | 63.2 | 44.0 | 45.0 | 43.8 | 55.0 | 58.0 |
| Swak | 15.0 | 15.8 | 24.0 | 15.0 | 31.3 | 35.0 | 16.8 |
| Geen inligting | 4.5 | 5.3 | 8.0 | - | 6.3 | - | 4.4 |
| Totaal | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

Wat veral uit bogenoemde tabel opval, is dat die verspreiding van die gedrag by die verskillende soorte misdade onderling van mekaar verskil. So byvoorbeeld, het die groep wat vir moord en manslag opgeneem is, 'n groter persentasie gehad met 'n goeie inrigtingsrekord, as enige ander groep. By die groep gemerk "ander" word weer 'n groter persentasie oortreders met swakker rekords aangetref as by die res van die misdade.

Die groep oortreders wat vir moord en manslag opgeneem is se relatief goeie inrigtingsrekord kan in 'n mate daaraan toegeskryf word dat hierdie oortreders by opname in die inrigting 'n geringer misdaadrekord gehad het as wat die geval by enige van die ander groepe was. Vergelyk in hierdie verband tabel 21(a).

28/...

(1) As gevolg van die benadering van syfers na die desimale punt, kom die totaal van sommige kolomme nie op 100.0 te staan nie.

Tabel 21(a): 'n Ontleding van die getal oortredinge voor opname in die verbeteringskool van Bantoejeugoortreders volgens die aard van die oortreding waarvoor na die verbeteringskool verwys.

| Aard van oortreding waarvoor opgeneem. | Getal vorige oortredinge. | | |
|---|---|---|---|
| | Geen. | Een of meer. | Totaal. |
| Ekonomiese oortredinge | 17.3 | 82.7 | 100.0 |
| Roof | 21.1 | 78.9 | 100.0 |
| Verkragting en poging tot | 32.0 | 68.0 | 100.0 |
| Moord en manslag | 80.0 | 20.0 | 100.0 |
| Aanranding en stamgevegte | 12.5 | 87.5 | 100.0 |
| Ander | 20.0 | 80.0 | 100.0 |

Uit tabel 21(a) blyk dit bv. dat 80.0 persent van die groep wat vir moord en manslag in die inrigting opgeneem is, geen vorige veroordelings gehad het nie. By al die ander soorte misdaad varieer die ooreenstemmende persentasies tussen 17.3 persent en 32.0 persent. Daar sal by die bespreking van residivisme weer op hierdie syfers teruggekom word.

Die tydperk aangehou:

In die volgende tabel word die tydperk wat die jeugdiges in die verbeteringskool deurgebring het, ontleed.

Tabel 22: 'n Ontleding van tydperk van aanhouding in die verbeteringskool van Bantoejeugoortreders.

| Tydperk aangehou. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| 1 - 24 maande | 56.0 | 280 |
| 25 - 36 maande | 23.0 | 115 |
| 37 - 48 maande | 12.8 | 64 |
| 49 - 60 maande | 5.6 | 28 |
| 61+ maande | 2.6 | 13 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Meer as die helfte van die gevalle in hierdie ondersoek het dus verbeteringskoolbehandeling vir twee jaar of minder ontvang terwyl 'n behandeling van drie jaar en minder ontvang is deur byna vier-vyfdes van die totale groep. Die tydperk van behandeling hang af van die ouderdom van die oortreder by opname asook die mate van vordering wat hy in die inrigting maak.

3. <u>Aantal kere wat vergunning ingetrek is</u>:

**Tabel 23**: 'n Ontleding van kere wat vergunning van uitplasing van Bantoejeugoortreders ingetrek is.

| Aantal kere. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| Geen terugtrekking | 78.2 | 391 |
| 1 keer | 20.8 | 104 |
| 2 keer | .8 | 4 |
| 3 keer | .2 | 1 |
| Totaal | 100.0 | 500 |

Die meerderheid van die gevalle nl. 78.2 persent se vergunning is nooit ingetrek nie. Die gevalle wie se vergunning meer as een keer ingetrek is, is minimaal. Uit bogenoemde gegewens moet nie afgelei word dat die gedrag van 78.2 persent van die gevalle tydens vrylating met vergunning sodanig was dat dit nie nodig was om die vergunning in te trek nie. Waar die inrigting van mening was dat die leerling geen baat by langer aanhouding sou vind nie, kan by oortreding van die vergunningsvoorwaardes aansoek gedoen word om sy ontheffing van die bepalings van die Kinderwet.

30/...

# HOOFSTUK 7.

## GEDRAG VAN BANTOEJEUGOORTREDERS GEDURENDE DIE EERSTE VYF JAAR NA ONTSLAG UIT DIE VERBETERINGSKOOL.

In hierdie hoofstuk word 'n ontleding gemaak van die gedrag van leerlinge wat reeds uit die verbeteringskool ontslaan is. Daar is nagegaan of hul weer met die gereg gebots het en derhalwe as residiviste bestempel kan word en of hulle gerehabiliteer is en as nie-residiviste geklassifiseer moet word. Hulle beroeps- en sosiale aanpassing na ontslag kon hier nie ontleed word nie omdat die nodige gegewens ontbreek.

### 1. Aantal misdade in eerste vyf jaar na ontslag[1].

Tabel 24: 'n Ontleding van aantal misdade gepleeg in eerste vyf jaar na ontslag uit verbeteringskool.

| Aantal oortredinge. | Aantal gevalle. | Persentasie. |
|---|---|---|
| 1 | 86 | 17.2 |
| 2 | 83 | 16.6 |
| 3 | 58 | 11.6 |
| Sub-totaal | 227 | 45.4 |
| 4 | 44 | 8.8 |
| 5 | 33 | 6.6 |
| 6 | 20 | 4.0 |
| 7 | 13 | 2.6 |
| 8 | 4 | .8 |
| 9 | 7 | 1.4 |
| 10 | 3 | .6 |
| 11+ | 1 | .2 |
| Sub-totaal | 552 | 70.4 |
| Geen oortredinge | 148 | 29.6 |
| Totaal | 500 | 100.0 |

Van die 500 gevalle waaroor hierdie studie gaan, het 29.6 persent nie weer met die gereg gebots nie.[2] Die res van die groep nl. 70.4 persent het weer een of meer



1) Sien inleidende hoofstuk vir redes waarom slegs eerste vyf jaar in berekening gebring is.
2) Hierdie persentasie sluit ook die sterfgevalle in. Die aantal wat oorlede is, is nie bekend nie.

misdade in die eerste vyf jaar na ontslag gepleeg. Die grootste groep „residiviste" nl. 45.4 persent het een, twee of drie keer oortree. Die persentasies vir diegene wat na ontslag meer as 3 misdade gepleeg het, neem vinnig af namate die aantal oortredings styg. Die aantal misdade wat in die vyf jaar gepleeg is, is nie van insiggewende belang nie want die tydperk wat vir 'n vorige oortreding in die gevangenis deurgebring is, het die oortreder vir daardie tydperk in 'n groot mate van verdere misdade weerhou.

Dit is nie altyd moontlik om die bevindinge van verskillende ondersoekers met betrekking tot sukses en mislukking te vergelyk nie want die norms waarvolgens sukses gemeet word, verskil onderling. Die toetstydperk, dit wil sê die tydperk na vrylating, wat as maatstaf gebruik word, is ook nie altyd ewe lank nie. Vir die Gluecks (9, p.188) is diegene wat geen gevangenisrekord vir die toetsperiode het nie en hoogstens tegniese en motorvoertuigoortredings begaan het, suksesse. Hulle bevind dat 21.1 persent van hulle gevalle in hierdie kategorie val.

Die tweede groep wat deur hulle gedeeltelike suksesse genoem word,omsluit diegene wat nie meer as twee nie-ernstige oortredings begaan het nie en hulle nie meer as vyf arrestasies vir tegniese en motorvoertuigoortredings of dronkenskap op die hals gehaal het nie. Hierdie gedeeltelike suksesse het 16.8 persent van die totale groep gevorm terwyl die algehele mislukkings op 62.1 persent te staan gekom het.

Dit kan ook nie te sterk beklemtoon word nie dat daar in die eie ondersoek met Bantoes gewerk word en dat die bevindinge, vanweë die gebrek aan ander soortgelyke ondersoeke, met resultate van buitelandse ondersoeke wat oor die algemeen oor blankes handel, vergelyk moes word.

Wanneer 'n soortgelyke indeling as bogenoemde in die onderhawige ondersoek toegepas word, word 'n aansienlike verandering in die gegewens van tabel 24 teweeg gebring. Dit is egter nodig om 'n verdere ontleding van die gegewens in tabel 24 te maak, dit word gedoen in tabel 24(a).

<u>Tabel 24(a):</u> 'n Ontleding van gedrag van Bantoejeugoortreders in die eerste vyf jaar na ontslag uit die verbeteringskool.

| Aard van gedrag in eerste 5 jaar na ontslag. | Getal. | Persentasie. |
|---|---|---|
| Een geringe oortreding dog geen gevangenisstraf is opgelê nie. | 13 | 2.6 |
| Een oortreding waarvoor straf van nie meer as £10 of 2 maande opgelê is. | 19 | 3.8 |
| Twee oortredings waarvoor straf van nie meer as £10 of 2 maande elk opgelê is. | 11 | 2.2 |
| Een oortreding met maksimum gevangenisstraf van 6 maande binne eerste jaar na ontslag en daarna geen oortredings. | 7 | 1.4 |
| Sub-totaal | 50 | 10.0 |
| Meermale of weens ernstige misdade gestraf | 302 | 60.4 |
| Geen oortredings | 148 | 29.6 |
| Totaal | 500 | 100.0 |

32/...

Uit bostaande tabel blyk dit dat 'n verdere 50 van die 352 residiviste in 'n soort tussenklas val tussen die residiviste en nie-residiviste. Hierdie ontleding kom dus daarop neer dat 29.6 persent van die 500 Bantoejeugoortreders waaroor hierdie studie gaan, in die eerste vyf jaar na hulle ontslag uit die verbeteringskool nie een keer weens 'n misdaad, hoe gering ook al, skuldig bevind is nie. 'n Verdere 2.6 persent het in hierdie tydperk wel een keer oortree dog die oortreding was van so 'n geringe aard dat geen gevangenisstraf opgelê is nie. Nog 3.8 persent van die groep het in die eerste vyf jaar na ontslag slegs een keer oortree en het 'n keuse-vonnis gekry wat nie £10 boete of 2 maande gevangenisstraf te bowe gegaan het nie. 'n Verdere groep nl. 2.2 persent bestaan uit gevalle wat wel twee keer in die eerste vyf jaar na ontslag oortree het dog geen van die oortredings was sodanig dat 'n keuse-vonnis van meer as £10 of 2 maande gevangenisstraf op elk van die oortredings opgelê is nie. Nog 'n groep wat 1.4 persent van die totale groep vorm, is onderskei. Hierdie groep bestaan uit persone wat binne die eerste jaar na ontslag slegs een keer weens 'n misdaad skuldig bevind is en nie gevangenisstraf van meer as ses maande opgelê is nie dog vir die res van die vyf jaar-tydperk nooit weer weens 'n misdaad skuldig bevind is nie. Die grootste groep, nl. 60.4 persent kan nie in een van die vorige groepe ingedeel word nie omdat hulle meer kere in misdaad en ook ernstiger vorme van misdaad verval het.

Die Gluecks het egter vyf jaar van die "post-parole period" as toetstydperk gebruik terwyl die eerste vyf jaar na ontslag in die eie ondersoek gebruik is. Die ondersoek wat deur die Gluecks gedoen is, het betrekking op 510 ontslagte, vermoedelik hoofsaaklik Blankes uit die Massachusetts verbeteringsinrigting in die jare 1921 en 1922, en dit wil voorkom asof die groep waarmee hulle gewerk het, ouer en ook miskien meer gehard was as dié van die eie ondersoek, want die gemiddelde ouderdom was 20.19 jaar terwyl 33.1 persent tussen 21 en 27 jaar en 6.6 persent tussen 28 en 36 jaar oud was (9, p.153).

Die bogenoemde ondersoekers gee in 'n opsommende studie (8, p.20) die volgende samevatting van die resultate van ondersoeke deur hulle ingestel: "While it had frequently been claimed that 80 percent or 90 percent of the 'graduates' of juvenile courts, and young men's reformatories succeed, that is, never commit crimes again, our investigations proved that practically the reverse is true. Out of the entire group of 1,000 juvenile delinquents investigated, there were 905 about whom information as to post-treatment behaviour was obtainable and who, not being incarcerated, were in a position to commit further delinquencies. Of these 905, some 88 percent continued to be delinquent during a five year span following action by the Boston Juvenile Court, one of a better tribunals for child delinquents. And during a five year span following completion of their sentence to the Massachusetts Reformatory, some 80 percent of 422 of the 510 young-adult offenders, about whom such information could be obtained, continued to commit crimes."

D. Clemmer skryf in 'n artikel "Imprisonment as a Criminality Source" (4, p.312) die volgende: „In one of the revealing studies having reference to imprisonment it was found that four-fifths of the inmates of a reformatory in Massachusetts turned out to be failures so far as post-parole criminality was concerned." Dit wil voorkom asof hier na die navorsing van die Gluecks verwys word. Die persentasie „suksesse" in die eie ondersoek vergelyk gunstig met die bevindinge van ander ondersoekers dog weens beperkte vergelykbaarheid kan daar nie baie waarde hieraan geheg word nie.

Wat betref die terugval in die misdaad na die ontslag uit die verbeteringskool, moet op die volgende faktore gelet word:

33/...

(a) Volgens tabel 18 was slegs 20.6 persent van die gevalle wat in hierdie groep ingesluit is, eerste-oortreders toe hulle in die verbeteringskool opgeneem is. Dit wil sê 79.4 persent van die gevalle was reeds residiviste toe hulle opgeneem is. Byna 80 persent van die groep was dus reeds geharde misdadigers toe hulle na die Diepkloofverbeteringskool verwys is. Die kans op rehabilitasie moet in so 'n geval noodwendig geringer wees as waar slegs met die minder geharde eerste-oortreder gewerk word.

(b) Die reëlmaat waarmee misdaad van jaar tot jaar voorkom, kan deels verklaar word met die veronderstelling dat dieselfde oorsake dieselfde gevolge het. Dit is dus te verstaan dat iemand wat as gevolg van 'n kombinasie van ongunstige faktore reeds voorheen tot 'n misdaad verval het, makliker tot 'n tweede misdaad sal verval as wat 'n persoon wat as gevolg van gunstiger individuele en omgewingsfaktore nog nie voorheen tot misdaad verval het nie, wel 'n misdaad sal pleeg.

(c) By die pleeg van die eerste misdaad moet bepaalde inhibisies eers oorwin word. By die pleeg van verdere misdade bestaan hierdie inhibisies in 'n mindere mate en word makliker tot misdaad oorgegaan want skuldgevoelens word deur repetisie van misdaad verswak.

(d) Nadat 'n persoon sy straf uitgedien het, voel hy moontlik dat hy vir sy oortreding geboet het en dat hy nou weer vry is om 'n misdaad te pleeg (22, p.31). Wat by die Bantoe miskien van meer belang is, is dat hy moontlik voel dat hy onregverdig gestraf word. Hierdie gevoel van veronregting kan daartoe lei dat 'n misdaad gepleeg word om die ondergane straf te kanselleer. Die rol van hierdie faktor kan egter baie moeilik bepaal word.

(e) Nadat 'n persoon na 'n tydperk van aanhouding weer vrygelaat word, ondervind hy 'n moeilike beroeps- en sosiale aanpassing. Hierdie aanpassingsprobleem mag tot misdaad aanleiding gee. Alhoewel die Diepkloofverbeteringskool 'n stelsel in die lewe geroep het om hierdie probleem op te los, kan dit nog moontlik 'n rol speel in die ontstaan van residivisme.

(f) Meer van algemene belang in die verband is dat die residivis moontlik ook makliker opgespoor word deurdat meer besonderhede omtrent hom aan die polisie bekend is (bv. vingerafdrukke, foto, modus operandi ens.) as wat die geval met die eerste-oortreder is.

(g) Die jeugmisdaadsyfers vir manlike Bantoe jeugdige volwassenes in die ouderdomsgroep 17 - 20 jaar dui aan dat 15.3 persent van die totale bevolking van hierdie ouderdomsgroep in 1950 in misdaad beland het. Dit kon dus aangeneem word dat ten minste 'n gedeelte van die groep waaroor hierdie studie gaan, in elk geval in misdaad sou verval het al sou hulle nooit in die verbeteringskool opgeneem gewees het nie.

(h) Die Gluecks (9, p.218) wys in hulle ondersoek daarop dat daar by jeugoortreders 'n baie sterk verband tussen beroepsukses en residivisme bestaan. Om hierdie rede is dit dus vir die verbeteringskool gebiedend noodsaaklik om die oortreder in sy tydperk van aanhouding voor te berei om na sy ontslag 'n bepaalde beroep te beoefen want volgens die Gluecks se bevindinge is dit absoluut noodsaaklik indien residivisme beperk wil word. By die Bantoejeugdige word hier 'n haas onoorkomelike probleem ondervind deurdat daar in ons ekonomiese struktuur baie

34/...

min beroepe bestaan waarvoor die Bantoe opgelei kan word. Na ontslag val die Bantoejeugoortreder dan ook dikwels rond van een werk na 'n ander en is soms vir lang tye sonder werk. Dit is reeds in hierdie tye wat die jeugdige so maklik in die misdaad terugval.

(i) Die bepalende faktor in die veroorsaking van die misdaad van die Bantoe, skyn die misdaadsituasie te wees. Deurdat die stamtradisie by die Bantoe in die Blanke gebiede verval het en die gesinslewe aan die ontbind is, het die Bantoe, wanneer hy voor 'n misdaadsituasie te staan kom, baie min remmende faktore behalwe die vrees vir die gereg wat op sy beste nie 'n sterk inhiberende krag is nie. In sy gemeenskap en onder sy gesinslede het die Bantoe baie min afkeer of veragting te vrees as hy weens 'n misdaad veroordeel word. Die oplegging van gevangenis- of ander straf, bring dus min of geen sosiale of beroepsnadele. Die skeiding van sy gesin tydens die aanhouding sowel as die aanhouding self in 'n inrigting, word dikwels nie as onaangenaam ervaar nie; in elk geval nie in dieselfde mate wat die Blanke dit ervaar nie. Ook wat die godsdienssin betref, ervaar die Bantoe nie dieselfde inhibisie wat die pleeg van 'n misdaad betref as die Blanke nie. Kom hy dus in 'n situasie waar misdaad gepleeg kan word, is daar weinig faktore wat hom daarvan weerhou.

Om te voorkom dat die Bantoejeugoortreder maklik in die misdaad sal terugval, is dit nodig om meer inherente inhibisies by hom tot stand te bring. Dit kan egter nouliks verwag word dat die verbeteringskool hierdie remminge by die Bantoejeugoortreder moet tuisbring in die tydperk wat hy aangehou word.

2. Tydperk tussen ontslag uit die verbeteringskool en eerste oortreding.

Tabel 25: 'n Ontleding van tydperk na vrylating tot eerste oortreding na ontslag.

| Tydperk tussen vrylating en eerste oortreding. | Persentasie. | Getal. |
|---|---|---|
| 6 maande of minder. | 23.0 | 81 |
| 7 - 12 maande | 23.9 | 84 |
| 13 - 24 maande | 21.0 | 74 |
| 25 - 36 maande | 16.5 | 58 |
| 37 - 48 maande | 10.8 | 38 |
| 49 - 60 maande | 4.8 | 17 |
| Totaal | 100.0 | 352 |

Van die 352 residiviste in hierdie ondersoek, het meer as twee-derdes reeds teen die einde van die tweede jaar na vrylating weer in misdaad verval. Die oorblywende 32.1 persent het in die eerste twee jaar na vrylating geen misdaad gepleeg nie dog het tussen die tweede en vyfde jaar weer tot misdaad verval. Dit blyk dus dat die eerste twee jaar na vrylating die tydperk met die grootste terugvalrisiko is en daarvan het die tydperk van 7 tot 12 maande die grootste residivistesyfer gelewer.

3. Aantal residiviste wat misluk vanweë dieselfde oortreding as waarvoor opgeneem.

Volgens tabel 24 het 70.4 persent, dit wil sê 352 van die 500 Bantoejeugoortreders weer in misdaad verval in die eerste 5 jaar na hulle ontslag uit die verbeteringskool. In hoeverre hierdie residivisme te wyte is aan dieselfde soort misdaad waarvoor hulle opgeneem is, word in die volgende tabel gegee.

Tabel 25(a): 'n Ontleding van aantal residiviste wat deur dieselfde en ander misdaad as waarvoor opgeneem weer in die misdaad verval.

| Rede vir Residivisme | | Soort misdaad waarvoor opgeneem[a] | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | Totaal. |
| Dieselfde soort misdaad | Getal | 202 | 3 | 3 | 1 | 9 | 2 | 220 |
| | Persentasie | 69.9 | 21.4 | 16.7 | 20.0 | 81.8 | 13.3 | 62.5 |
| Ander soort misdaad | Getal | 87 | 11 | 15 | 4 | 2 | 13 | 132 |
| | Persentasie | 30.1 | 78.6 | 83.3 | 80.0 | 18.2 | 86.7 | 37.5 |
| Totaal | Getal | 289 | 14 | 18 | 5 | 11 | 15 | 352 |
| | Persentasie | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |

Uit tabel 25(a) val dit dadelik op dat 69.9 persent van die residiviste wat in die verbeteringskool vir ekonomiese misdade opgeneem is, weer vir dieselfde soort misdaad in die moeilikheid beland het. Nie alleen is ekonomiese misdade die belangrikste grond vir opnames in die verbeteringskool nie (vgl. tabel 20) maar dit is ook 'n misdaad waarin na ontslag maklik teruggeval word. Die verklaring hiervoor is dieselfde as wat vir die verspreiding in tabel 20 gegee is.

Verder blyk dit ook dat die aanranders wat residiviste word, in 81.8 persent van die gevalle weer in die moeilikheid beland weens dieselfde oortreding waarvoor opgeneem is. Die vraag kan dus ontstaan in hoeverre hierdie misdaad in 'n groot mate saamhang met 'n bepaalde temperament waaraan die inrigtingsbehandeling nie veel kan verander nie.

By al die ander soorte misdaad verval tenminste meer as drie-kwart van die residiviste weens 'n ander soort oortreding as dié waarvoor hul opgeneem is. Dit wil voorkom asof daar onder die residiviste na ontslag 'n verskuiwing na die ekonomiese misdrywe voorkom want 80.0 persent van die oortredinge waarvoor die 500 gevalle in die inrigting opgeneem is, was ekonomies van aard (vgl. tabel 20). By die residiviste daarenteen het 82.1 persent as gevolg van ekonomiese misdade verval.

36/...

a)

1. Ekonomiese misdade.
2. Roof.
3. Verkragting.
4. Moord en manslag.
5. Aanranding.
6. Ander oortredinge.

Wat Bantoejeugoortreders betref, kan dus geen bevestiging verkry word vir Abrahamsen se beskouing dat die geslagsmisdadiger 'n sogenaamde "repeater" is nie (21, p.195) want in teenstelling met bogenoemde skrywer se standpunt, is in hierdie ondersoek gevind dat slegs 16.7 persent van die verkragters wat na ontslag in misdaad verval het, dieselfde soort misdaad gepleeg het as waarvoor hulle in die inrigting opgeneem is.

37/...

## HOOFSTUK 8.

## DIE VERBAND TUSSEN AGTERGRONDSFAKTORE EN RESIDIVISME BY BANTOEJEUGOORTREDERS VAN DIE DIEPKLOOFVERBETERINGSKOOL.

In hierdie afdeling van die onderhawige ondersoek, is 'n poging aangewend om vas te stel of die residivisme van Bantoejeugoortreders verband hou met faktore voor en tydens hul opname sowel as faktore direk na ontslag. 'n Hele aantal faktore is dus in verband gebring met residivisme en nie-residivisme van die jeugoortreders. Van die resultate is tabelle opgestel en persentasie-ontledings gedoen. Daar is egter besef dat persentasie-ontledings 'n baie onsuiwere metode vir hierdie doel is en dat dit nie vir onderlinge vergelyking tussen die verskillende faktore geskik is nie. Teneinde tot 'n suiwerder maatstaf te kom, is besluit om van die chi-kwadraat-tegniek gebruik te maak om vas te stel wat die moontlike verband tussen sekere agtergrondsfaktore en residivisme is. Vir beduidenheid van verskille is die 5 persent-waarskynlikheidsvlak deurgaans gebruik.

Aangesien alle gegewens nie vir al die gevalle beskikbaar was nie, deurdat die lêers van die verskillende gevalle nie altyd ewe volledig was nie, was dit nodig om, voordat die chi-kwadraattoets toegepas is, vas te stel of die verspreiding van die "volledige" en die "onvolledige" groep ten opsigte van die gemeenskaplike faktore nl. sukses of mislukking (residivisme en nie-residivisme) in elke tabel beduidend van mekaar verskil. Vir hierdie doel is die "volledige" en "onvolledige" groep ten opsigte van sukses en mislukking ook deur middel van die chi-kwadraattoets in elke tabel getoets. Sodoende kon daar bepaal word of daar enige seleksie sou plaasvind ten opsigte van sukses en mislukking indien in elke afsonderlike tabel, slegs met die groep oor wie daar volledige gegewens bestaan, gewerk sou word. Om hierdie rede is die tabelle in die volgende afdeling so opgestel dat dit tegelykertyd die werklike syfers en die persentasies vir sowel die groep waaroor volledige gegewens beskikbaar was as vir die totale groep aandui. Die volgende tabel dui die chi-kwadraatwaardes aan wat gevind is by die verskillende tabelle waar vasgestel is of daar 'n beduidende verskil tussen die "onvolledige" en "volledige" groep ten opsigte van residivisme bestaan.

| Tabelnommer. | $X^2$ | N | Grade van Vryheid | Die minimum waardes vir Beduidenheid. 5%-vlak. | 1%-vlak. |
|---|---|---|---|---|---|
| 26(a) | - | 496 | 10 | 18.307 | 23.209 |
| 27 | .012 | 455 | 9 | 16.919 | 21.666 |
| 28 | .000 | 478 | 7 | 14.067 | 18.475 |
| 29 | .226 | 438 | 3 | 7.815 | 11.345 |
| 30 | .190 | 341 | 2 | 5.991 | 9.210 |
| 31 | .32 | 408 | 2 | 5.991 | 9.210 |
| 32 | .0312 | 360 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 33 | .0130 | 464 | 2 | 5.991 | 9.210 |
| 34(b) | - | 500 | - | - | - |
| 35 | .55 | 388 | 2 | 5.991 | 9.210 |
| 36 | .001 | 416 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 37 | 1.24 | 479 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 38 | 1.412 | 478 | 2 | 5.991 | 9.210 |
| 39(b) | - | 500 | - | - | - |
| 40(b) | - | 500 | - | - | - |
| 41(b) | - | 500 | - | - | - |

(a) - Chi-kwadraat is nie uitgewerk nie deurdat waardes in enkel selle kleiner as 5 is.
(b) - Gegewens vir volledige groep beskikbaar.

38/...

Die nulhipotese in hierdie verband is dat die "volledige" en "onvolledige" groep jeugoortreders in elke tabel nie beduidend van mekaar verskil wat betref residivisme na ontslag uit die inrigting nie. In tabelle 27-33 en 35-38 is die verkreë Chi-kwadrate nie beduidend nie en dus kan die hipotese in hierdie gevalle nie verwerp word nie.

Met ander woorde, deur slegs met die groep jeugoortreders oor wie daar volledige gegewens bestaan te werk, vind geen seleksie plaas nie. Dit wil sê dat die "volledige" groep vir die doel van die ondersoek beskou kan word as verteenwoordigend van die hele groep. Wat die verband tussen agtergrondsfaktore en residivisme betref, word deurgaans as hipotese gestel dat daar geen beduidende verskil tussen die residiviste en nie-residiviste bestaan ten opsigte van agtergrondsfaktore nie.

1. Residivisme en Algemene Persoonlike Faktore.

(a) Ouderdom by opname en residivisme:

Die Gluecks (9, p.248) wys daarop dat daar by die 385 Blanke jeugoortreders wat deur hulle bestudeer is, 'n noue verband tussen residivisme en ouderdom by die eerste oortreding bestaan. Van die groep wat jonger as 11 jaar by hulle eerste oortreding was, het 9.5 persent geblyk suksesse te wees terwyl 16.7 persent gedeeltelike suksesse en 73.8 persent residiviste was. By diegene wat 17 jaar of ouer was toe hulle vir die eerste keer oortree het, was 33.3 persent suksesse, 22.2 persent gedeeltelike suksesse en 44.5 persent residiviste. Die bevindinge in die eie ondersoek met betrekking tot die ouderdom waarop Bantoejeugoortreders in die inrigting opgeneem is, word in tabel 26 gegee.

Die nulhipotese hier is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders geen verskille vertoon ten opsigte van die ouderdom waarop hulle tot die verbeteringskool toegelaat is nie.

Tabel 26: 'n Ontleding van residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders volgens hulle ouderdom by opname in die inrigting.

| Ouderdom by Opname (in jare) | Nie-residiviste. | | Residiviste. | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal. | Persentasie. | Getal. | Persentasie. | Getal. | Persentasie. |
| 10 | 1 | .7 | 1 | .3 | 2 | .4 |
| 11 | 5 | 3.4 | 2 | .6 | 7 | 1.4 |
| 12 | 6 | 4.1 | 14 | 4.0 | 20 | 4.0 |
| 13 | 8 | 5.4 | 16 | 4.5 | 24 | 4.8 |
| 14 | 21 | 14.2 | 34 | 9.7 | 55 | 11.0 |
| 15 | 20 | 13.5 | 51 | 14.5 | 71 | 14.2 |
| 16 | 24 | 16.2 | 81 | 23.0 | 105 | 21.0 |
| 17 | 31 | 20.9 | 87 | 24.7 | 118 | 23.6 |
| 18 | 19 | 12.8 | 44 | 12.5 | 63 | 12.6 |
| 19 | 11 | 7.4 | 14 | 4.0 | 25 | 5.0 |
| 20+ | 2 | 1.4 | 4 | 1.1 | 6 | 1.2 |
| Sub-totaal | 148 | | 348 | | 496 | |
| Ontbreek | - | | 4 | 1.1 | 4 | .8 |
| Totaal | 148 | 100.0 | 352 | 100.0 | 500 | 100.0 |

39/..

Die verkreë chi-kwadraatwaarde van 13.86 vir hierdie tabel is nie beduidend nie en die hipotese kan dus nie verwerp word nie.

(b) Skoolstanderd by ontslag en residivisme:

Tabel 27: Residiviste en nie-residiviste volgens hul onderwyspeil by ontslag.

| Skoolstanderd by ontslag. | Nie-residiviste. | | Residiviste. | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie. | Getal | Persentasie. | Getal | Persentasie. |
| Geen | 52 | 35.1 | 117 | 33.2 | 169 | 33.8 |
| Grade | 22 | 14.9 | 43 | 12.2 | 65 | 13.0 |
| St.1 | 22 | 14.9 | 50 | 14.2 | 72 | 14.4 |
| 2 | 17 | 11.5 | 35 | 9.9 | 52 | 10.4 |
| 3 | 7 | 4.7 | 23 | 6.5 | 30 | 6.0 |
| 4 | 2 | 1.4 | 26 | 7.4 | 28 | 5.6 |
| 5 | 5 | 3.4 | 13 | 3.7 | 18 | 3.6 |
| 6 | 7 | 4.7 | 10 | 2.8 | 17 | 3.4 |
| 7 | 1 | .7 | 2 | .6 | 3 | .6 |
| 8 + | - | - | 1 | .3 | 1 | .2 |
| Sub-totaal | 135 | | 320 | | 455 | |
| Ontbreek | 13 | 8.8 | 32 | 9.1 | 45 | 9.0 |
| Totaal | 148 | 100.0 | 352 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese ten opsigte van bogenoemde gegewens is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van hulle onderwyspeil wat by ontslag uit die inrigting behaal is nie. Die verkreë chi-kwadraat-waarde van 9.68 is nie beduidend nie en ons kan dus nie die hipotese verwerp nie.

40/...

(c) Etniese groepe en Residivisme:

Tabel 28: 'n Ontleding van Residivisme volgens Etniese groep.

| Etniese groep. | Nie-residiviste. | | Residiviste. | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie. | Getal | Persentasie. | Getal | Persentasie. |
| Sotho | 35 | 23.6 | 132 | 37.5 | 167 | 33.4 |
| Xhosa | 45 | 30.4 | 75 | 21.3 | 120 | 24.0 |
| Zoeloe | 47 | 31.8 | 96 | 27.3 | 143 | 28.6 |
| Tsonga | 3 | 2.0 | 8 | 2.3 | 11 | 2.2 |
| Swazi | 7 | 4.7 | 12 | 3.4 | 19 | 3.8 |
| Ndebele | 1 | .6 | 4 | 1.1 | 5 | 1.0 |
| Venda | 2 | 1.4 | 4 | 1.1 | 6 | 1.2 |
| Ander | 3 | 2.0 | 4 | 1.1 | 7 | 1.4 |
| Sub-totaal | 143 | - | 335 | | 478 | |
| Ontbreek | 5 | 3.4 | 17 | 4.8 | 22 | 4.4 |
| Totaal | 148 | 100.0 | 352 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese ten opsigte van die bogenoemde gegewens is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie beduidend verskil ten opsigte van etniese groepering nie. Die verkreë chi-kwadraatwaarde van 11.69 is nie beduidend en die hipotese kan dus nie verwerp word nie.

Afleiding:

Dit is dus duidelik uit die voorafgaande dat daar in hierdie studie geen beduidende verband gevind is tussen residivisme van Bantoejeugoortreders na behandeling in die verbeteringskool en algemene persoonlike faktore soos ouderdom, skoolstanderd en etniese groep nie.

2. Maatskaplike Faktore en Residivisme.

(a) Woonplek voor opname in inrigting en residivisme:

Tabel 29: 'n Ontleding van residivisme volgens woonplek.

| Gedrag na Ontslag. | Woonplek voor opname. | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Platteland | | Bantoegebied. | | Sub-Totaal | | Onbekend | | Totaal. | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Nie-residiviste. | 45 | 22.5 | 39 | 30.7 | 24 | 35.3 | 20 | 46.5 | 128 | 29.2 | 20 | 32.3 | 148 | 29.6 |
| Residiviste | 155 | 77.5 | 88 | 69.3 | 44 | 64.7 | 23 | 53.5 | 310 | 70.8 | 42 | 67.7 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 200 | 100.0 | 127 | 100.0 | 68 | 100.0 | 43 | 100.0 | 438 | 100.0 | 62 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese hier is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van hulle woonplek voor toelating tot die inrigting nie.

Die chi-kwadraatwaarde van 11.82 wat hier verkry is, is beduidend op 'n waarskynlikheidsvlak onder 1 persent en dus moet die hipotese verwerp word.

(b) Algemene Woningtoestand en Residivisme:

Soos reeds op gewys, is die algemene woningtoestand van die Bantoejeugoortreders in hierdie ondersoek beoordeel volgens die netheid en oorvolheid al dan nie van die huis.

In hoeverre hierdie faktore met die gedrag van die Bantoejeugoortreder nadat hy uit die inrigting ontslaan is verband hou, word aangedui deur die gegewens in tabel 30.

<u>Tabel 30:</u> 'n Ontleding van residivisme volgens algemene woningtoestand.

| Gedrag na Ontslag. | Algemene Woningtoestand. Goed | | Swak | | Tradisio-meel | | Sub-totaal | | Onbekend | | totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | Per-sen-tasie | Getal | Per-sen-tasie | Getal | Per-sen-tasie | Getal | Per-sen-tasie | Getal | Per-sen-tasie | Getal | Per-sen-tasie |
| Nie-residiviste | 56 | 27.9 | 22 | 26.2 | 25 | 44.6 | 102 | 30.2 | 45 | 28.3 | 148 | 29.6 |
| Residiviste | 145 | 72.1 | 62 | 73.8 | 31 | 55.4 | 238 | 69.8 | 114 | 71.7 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 201 | 100.0 | 84 | 100.0 | 56 | 100.0 | 341 | 100.0 | 159 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese in bogenoemde indeling is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van hulle algemene woningtoestand voor opname in die inrigting nie.

Die chi-kwadraat-waarde van 6.68 wat hier verkry is, is beduidend op 'n waarskynlikheidsvlak onder 5 persent, dus moet die hipotese verwerp word.

(c) <u>Gesinsinkomste en Residivisme:</u>

In die volgende tabel word die inkomste van die gesin van Bantoejeugoortreders in verband gebring met residivisme al dan nie na ontslag uit die inrigting.

<u>Tabel 31:</u> Residiviste en nie-residiviste volgens die inkomste van hul gesinne.

| Gedrag na Ontslag. | Inkomste van Gesin van Bantoejeugoortreders. Goed tot baie goed | | Gemiddeld | | Swak tot baie swak | | Sub-totaal | | Ontbreek. | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | Per-sen tasie | Getal | Per-sen-tasie | Getal | Per-sen-tasie | Getal | Per-sen-tasie | Getal | Per-sen-tasie. | Getal | Per-sen-tasie. |
| Nie-Residiviste. | 5 | 29.4 | 44 | 31.7 | 74 | 29.4 | 123 | 30.1 | 25 | 27.2 | 148 | 29.6. |
| Residiviste | 12 | 70.6 | 95 | 68.3 | 178 | 70.6 | 285 | 69.9 | 67 | 72.8 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 17 | 100.0 | 139 | 100.0 | 252 | 100.0 | 408 | 100.0 | 92 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese hier is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van die inkomste van die gesinne waaruit hulle afkomstig is nie.

43/...

Die chi-kwadraat-waarde van .234 wat hier verkry is, is nie-beduidend en dus kan die hipotese nie verwerp word nie.

(d) Die Loonarbeid van die moeder en Residivisme:

Tabel 32: Residiviste en nie-residiviste volgens die loonarbeid van hul moeders.

| Gedrag na Ontslag. | Loonarbeid van moeder. | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | Sub-totaal | | Ontbreek | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Nie-Residiviste | 48 | 26.1 | 56 | 31.8 | 104 | 28.9 | 44 | 31.4 | 148 | 29.6 |
| Residiviste | 136 | 73.9 | 120 | 68.2 | 256 | 71.1 | 96 | 68.6 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 184 | 100.0 | 176 | 100.0 | 360 | 100.0 | 140 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese by bogenoemde tabel is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van loonarbeid deur hulle moeders verrig nie.

Die chi-kwadraatwaarde van 1.17 wat hier verkry is, is nie beduidend nie. Die hipotese kan dus nie verwerp word nie.

(e) Gesinsvolledigheid en Residivisme.

Tabel 33: Residiviste en nie-residiviste volgens volledigheid van hulle gesinne.

| Gedrag na Ontslag. | Gesinsvolledigheid. | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Albei ouers aanwesig. | | Een ouer ontbreek | | Albei ouers ontbreek. | | Sub-totaal | | Ontbreek | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Nie-Residiviste | 57 | 34.3 | 60 | 26.7 | 20 | 27.4 | 137 | 29.5 | 11 | 30.6 | 148 | 29.6 |
| Residiviste | 109 | 65.7 | 165 | 73.3 | 53 | 72.6 | 327 | 70.5 | 25 | 69.4 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 166 | 100.0 | 225 | 100.0 | 73 | 100.0 | 464 | 100.0 | 36 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese by bogenoemde indeling is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van die volledigheid van die gesinne waaruit hulle kom nie.

Die chi-kwadraat-waarde van 2.88 wat hier verkry is, is nie-beduidend en dus kan die hipotese nie verwerp word nie.

(f) Stiefouerverhoudinge en Residivisme:

Tabel 34: Residiviste en nie-residiviste volgens stiefouerverhoudinge.

| Gedrag na Ontslag | Stiefouerverhoudinge. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een of albei ouers stief. | | Geen stiefouers. | | Totaal. | |
| | Getal | Persentasie. | Getal | Persentasie. | Getal | Persentasie. |
| Nie-Residiviste | 14 | 23.3 | 134 | 30.5 | 148 | 29.6 |
| Residiviste | 46 | 76.7 | 306 | 69.5 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 60 | 100.0 | 440 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese by bogenoemde tabel is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van stiefverhoudinge nie.

Die chi-kwadraatwaarde van 1.311 wat hier verkry is, is nie-beduidend en dus kan die hipotese nie verwerp word nie.

(g) Sedelike gehalte van ouers van jeugoortreders en residivisme:

Tabel 35: Residiviste en nie-residiviste volgens die sedelike gehalte van hulle ouers.

| Gedrag na Ontslag. | Die Sedelike Gehalte van die Ouers. | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Goed | | Gemiddeld | | Swak | | Subtotaal | | Onbekend | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Nie-Residiviste | 80 | 30.8 | 16 | 28.6 | 22 | 30.6 | 118 | 30.4 | 30 | 26.8 | 148 | 29.6 |
| Residiviste | 180 | 69.2 | 40 | 71.4 | 50 | 69.4 | 270 | 69.6 | 82 | 73.2 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 260 | 100.0 | 56 | 100.0 | 72 | 100.0 | 388 | 100.0 | 112 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese by bogenoemde tabel is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van die sedelike gehalte van hulle ouers nie.

Die chi-kwadraatwaarde van .09 is nie-beduidend nie en dus kan die hipotese nie verwerp word nie.

Afleiding: Uit voorafgaande blyk dit dus dat daar in hierdie ondersoek 'n verband tussen residivisme by Bantoejeugoortreders en hulle woonplek en woningtoestand voor opname in die verbeteringskool gevind is. Tussen residivisme en ander maatskaplike faktore soos inkomste van gesin, loonarbeid van die moeder, gesinsvolledigheid, stiefouerverhoudinge en sedelike gehalte van die ouers, is geen beduidende verband gevind nie.

3. Residivisme en Gedrag voor opname in inrigting.

(a) Werkgewoontes voor opname en Residivisme na Ontslag:

Die Gluecks wys daarop dat daar in hulle studie van jeugoortreders in Amerika 'n noue verband gevind is tussen die arbeidsgewoontes van die oortreders voor opname in 'n inrigting en die sukses of mislukking van hulle aanpassing na hulle ontslag. So wys hulle daarop dat 46.7 persent van die gevalle wat na hulle ontslag uit die inrigting as suksesse aangedui is, voor hulle opname goeie werkers was terwyl 20.3 persent van die suksesse redelike en 12.1 persent swak werkers was. Van die gevalle wat na ontslag mislukkings geblyk het, was 43.3 persent goeie, 59.4 persent redelike en 68.5 persent swak werkers gewees voor hulle opgeneem is in die inrigting (9, p.246).

Die gegewens wat in dié verband van Bantoejeugoortreders van die Diepkloofverbeteringskool verkry is, word in tabel 36 gegee.

Tabel 36: Residiviste en nie-residiviste volgens hul werksgewoontes voor opname.

| Soort werker voor opname. | Gedrag na ontslag. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nie-Residiviste | | Residiviste | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie. | Getal | Persentasie. | Getal | Persentasie. |
| Leegloper of ongereelde werker | 71 | 48.0 | 236 | 67.1 | 307 | 61.4 |
| Gereelde werker | 42 | 28.4 | 67 | 19.0 | 109 | 21.8 |
| Sub-totaal | 113 | | 303 | | 416 | |
| Ontbreek | 35 | 23.6 | 49 | 13.9 | 84 | 16.8 |
| Totaal | 148 | 100.0 | 352 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese hier is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van hulle werksgewoontes voor opname in die verbeteringskool nie.

Die chi-kwadraatwaarde van 9.649 wat hier verkry is, is beduidend onder die 1 persent-waarskynlikheidsvlak en dus moet die hipotese verwerp word.

(b) Die Algemene gedrag voor opname in die inrigting en Residivisme:

Tabel 37: Residiviste en nie-residiviste volgens hul algemene gedrag voor opname.

| Gedrag na Ontslag. | Gedrag voor opname[1] | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Swak of misdadig. | | Goed | | Sub-totaal | | Onbekend | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Nie-Residiviste | 105 | 24.3 | 34 | 72.3 | 139 | 29.0 | 9 | 42.9 | 148 | 29.6 |
| Residiviste | 327 | 75.7 | 13 | 27.7 | 340 | 71.0 | 12 | 57.1 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 432 | 100.0 | 47 | 100.0 | 479 | 100.0 | 21 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die hipotese ten opsigte van bostaande tabel is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van hulle algemene gedrag voor opname in die inrigting nie.

Die chi-kwadraatwaarde van 45.17 wat hier verkry is, is beduidend onder die .1%-waarskynlikheidsvlak en dus moet die hipotese verwerp word.

(c) Die algemene gedrag in die verbeteringskool en residivisme.

Die Gluecks bevind dat jeugoortreders van die Massachusettsverbeteringskool wat hulle in die inrigting aan oortredings skuldig gemaak het, meer geneig is om na ontslag uit die inrigting residiviste te word as wat die geval is by daardie groep wat nie as inrigtingoortreders beskou kan word nie (9, p.261). In tabel 38 word die gegewens van die eie ondersoek gegee.

Tabel 38: Residiviste en nie-residiviste volgens hulle gedrag in die inrigting.

| Gedrag na Ontslag. | Algemene gedrag in inrigting. | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Goed | | Gemiddeld | | Swak | | Sub-totaal | | Ontbreek | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Nie-Residiviste | 46 | 44.2 | 78 | 26.9 | 15 | 17.9 | 139 | 29.1 | 9 | 40.9 | 148 | 29.6 |
| Residiviste | 58 | 55.8 | 212 | 73.1 | 69 | 82.1 | 339 | 70.9 | 13 | 59.1 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 104 | 100.0 | 290 | 100.0 | 84 | 100.0 | 478 | 100.0 | 22 | 100.0 | 500 | 100.0 |

47/...

1) Met gedrag word hier die oortreder se gedrag voor opname in die inrigting, uitgesonder die misdaad waarvoor in die inrigting opgeneem, bedoel.

As nulhipotese in hierdie geval word geneem dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van hulle algemene gedrag terwyl hulle nog in die inrigting was nie.

Die chi-kwadraat-waarde van 17.51 wat hier verkry is, is beduidend onder die .1 persent-waarskynlikheidsvlak en dus moet die hipotese verwerp word.

(d) <u>Aard van oortreding waarvoor in die inrigting opgeneem en residivisme:</u>

Die Gluecks het bevind dat 18.4 persent van die Blanke jeugoortreders wat hulle in V.S.A. bestudeer het wat vir inbraak veroordeel is, na ontslag as suksesse, 14.7 persent as gedeeltelike suksesse en 66.9 persent as mislukkings beskou kon word. Vir ander soorte misdade was die persentasie vir suksesse, gedeeltelike suksesse en mislukkings respektiewelik as volg:- (9, p.252).

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Diefstal | 20.5% | 14.9% | en | 64.6% |
| Roof | 15.5% | 22.2% | en | 62.3% |
| Geslagsmisdade | 29.0% | 22.5% | en | 48.5% |

Uit bogenoemde gegewens kan afgelei word dat persone wat geslagsmisdade pleeg, meer geredelik rehabiliteer as persone wat vir roof, diefstal of inbraak na 'n inrigting gestuur is.

In die eie ondersoek wat oor Bantoejeugdiges handel,is daar ook gegewens in hierdie verband gekry en dit word weergegee in tabel 39.

<u>Tabel 39:</u> Residiviste en nie-residiviste volgens die aard van die oortreding waarvoor opgeneem.

| Gedrag na Ontslag | Aard van Oortreding waarvoor opgeneem. | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ekonomiese misdade. | | Roof | | Verkragting | | Moord en manslag. | | Aanranding en stamgevegte. | | Ander | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Nie-Residiviste | 111 | 27.8 | 5 | 26.3 | 7 | 28.0 | 15 | 75.0 | 5 | 31.3 | 5 | 25.0 | 148 | 29.6 |
| Residiviste | 289 | 72.2 | 14 | 73.7 | 18 | 72.0 | 5 | 25.0 | 11 | 68.8 | 15 | 75.0 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 400 | 100.0 | 19 | 100.0 | 25 | 100.0 | 20 | 100.0 | 16 | 100.0 | 20 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese by bogenoemde tabel is dat die aard van die misdaad waarvoor die jeugoortreder in die inrigting opgeneem word, geen verskil maak in residivisme of nie-residivisme na ontslag uit die inrigting nie.

48/...

Die chi-kwadraatwaarde van 20.95 wat hier verkry is, is beduidend onder die .1 persent-waarskynlikheidsvlak en dus moet die hipotese verwerp word.

(e) Die aantal oortredings voor opname in die verbeteringskool en residivisme:

Tabel 40: Residiviste en nie-residiviste volgens die aantal oortredinge voor opname in die verbeteringskool.

| Gedrag na Ontslag. | Aantal oortredinge voor opname. | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 en meer | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Nie-Residiviste | 55 | 53.4 | 45 | 30.2 | 25 | 19.1 | 10 | 15.2 | 13 | 25.5 | 148 | 29.6 |
| Residiviste | 48 | 46.6 | 104 | 69.8 | 106 | 80.9 | 56 | 84.8 | 38 | 74.5 | 352 | 70.4 |
| Totaal | 103 | 100.0 | 149 | 100.0 | 131 | 100.0 | 66 | 100.0 | 51 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die nulhipotese by bogenoemde gegewens is dat residiviste en nie-residiviste by Bantoejeugoortreders nie verskille vertoon ten opsigte van die aantal oortredings wat hulle begaan het voordat hulle in die verbeteringskool opgeneem is nie.

Die chi-kwadraat-waarde van 41.943 wat hier verkry is, is beduidend onder die .1 persent-waarskynlikheidsvlak en die hipotese moet dus verwerp word.

(f) Die aantal oortredings voor opname in die verbeteringskool en die tydperk tussen ontslag uit die inrigting en eerste oortreding na ontslag.

Tabel 41: Oortredings voor opname in inrigting volgens tydperk tussen ontslag uit die inrigting en eerste oortreding na ontslag.

| Tydperk tussen ontslag en verval. | Aantal oortredings voor opname in inrigting. | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1 | | 2 | | 3 | | 4+ | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| 6 maande en onder | 6 | 12.5 | 19 | 18.3 | 26 | 24.5 | 15 | 26.8 | 15 | 39.5 | 81 | 23.0 |
| 7- 12 maande | 5 | 10.4 | 32 | 30.8 | 26 | 24.5 | 10 | 17.9 | 11 | 28.9 | 84 | 23.9 |
| 13- 24 maande | 9 | 18.8 | 17 | 16.3 | 24 | 22.6 | 17 | 30.4 | 7 | 18.4 | 74 | 21.0 |
| 25 maande + | 28 | 58.3 | 36 | 34.6 | 30 | 28.3 | 14 | 25.0 | 5 | 13.2 | 113 | 32.1 |
| Totaal | 48 | 100.0 | 104 | 100.0 | 106 | 100.0 | 56 | 100.0 | 38 | 100.0 | 352 | 100.0 |

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

Die nulhipotese hier is dat die aantal oortredings voor opname by residiviste geen verskille vertoon ten opsigte van die tydperk wat verloop tussen hulle ontslag uit die verbeteringskool en hul eerste oortreding na ontslag nie.

Die chi-kwadraatwaarde van 35.173 wat hier verkry is, is beduidend onder die .1 persent-waarskynlikheidsvlak en dus moet die hipotese verwerp word.

<u>Afleiding:</u> Uit die voorafgaande blyk dit dat daar 'n beduidende verband gevind is tussen residivisme van Bantoejeugoortreders en faktore betreffende hul gedrag voor opname sowel as tydens aanhouding in die inrigting.

4. <u>Residivisme gekorreleer met faktore van die tydperk van uitplasing met vergunning.</u>

In hierdie afdeling is 'n poging aangewend om residivisme te korreleer met faktore soos plek van uitplasing op 'n landelik-stedelike basis, in wie se sorg die jeugdige uitgeplaas is, die aard van die woonplek tydens uitplasing en of die uitplasing geskied het na die omgewing van herkoms. Die chi-kwadraattoets is toegepas en daar is 'n duidende verskil gekry tussen die groep oor wie volledige gegewens beskikbaar was en die groep oor wie nie gegewens beskikbaar was nie. Die gevolg hiervan was dat die chi-kwadraattoets nie toegepas kon word om na korrelasies tussen die bogenoemde faktore uit die uitplasingstydperk en residivisme by slegs die groep oor wie gegewens beskikbaar was, te soek nie.

Die verklaring vir die duidende verskil tussen die „volledige" en „onvolledige" groep ten opsigte van residivisme lê moontlik in die feit dat die groep oor wie geen volledige gegewens beskikbaar was nie, 'n groep weglopers naamlik 33 gevalle, ingesluit het, met ander woorde 'n keurgroep ten opsigte van residivisme want van hierdie 33 gevalle het slegs 4 nie weer in misdaad verval nie terwyl 29 residiviste was. Van hierdie groep was 87.9% dus residiviste en 12.1 persent nie-residiviste teenoor 70.4 persent en 29.6 persent onderskeidelik by die totale groep.

5. <u>Samevatting en Interpretasie.</u>

In die volgende tabel word 'n samevatting gegee van die bevindinge van die vorige hoofstuk ten einde 'n oorsigtelike beeld van die faktore wat 'n duidende verband met residivisme en nie-residivisme vertoon, te verkry.

50/...

36364

Tabel 42: Die chi-kwadraatwaardes wat by die verskillende agtergrondsfaktore verkry is, die aantal gevalle oor wie gegewens beskikbaar was en die duidenheidswaardes.

| Agtergrondsfaktor[1] | Aantal persone | Verkreë chi-kwadraat | Die minimum waardes vir beduidenheid | | | Grade van Vryheid |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 5%-vlak | 1%-vlak | .1%-vlak | |
| 1 | 496 | 13.86 | 18.307 | 23.209 | 29.588 | 10 |
| 2 | 455 | 9.68 | 16.919 | 21.666 | 27.877 | 9 |
| 3 | 478 | 11.69 | 14.067 | 18.475 | 24.322 | 7 |
| 4 | 438 | 11.82 | 7.815 | 11.345 | 16.266 | 3 |
| 5 | 341 | 6.68 | 5.991 | 9.210 | 13.815 | 2 |
| 6 | 408 | .234 | 5.991 | 9.210 | 13.815 | 2 |
| 7 | 360 | 1.17 | 3.841 | 6.635 | 10.827 | 1 |
| 8 | 464 | 2.88 | 5.991 | 9.210 | 13.815 | 2 |
| 9 | 500 | 1.31 | 3.841 | 6.635 | 10.827 | 1 |
| 10 | 388 | .09 | 5.991 | 9.210 | 13.815 | 2 |
| 11 | 416 | 9.65 | 3.841 | 6.635 | 10.827 | 1 |
| 12 | 479 | 45.17 | 3.841 | 6.635 | 10.827 | 1 |
| 13 | 478 | 17.51 | 5.991 | 9.210 | 13.815 | 2 |
| 14 | 500 | 20.95 | 11.070 | 15.086 | 20.515 | 5 |
| 15 | 500 | 41.94 | 9.488 | 13.277 | 18.467 | 4 |

51/...

1)

1. Ouderdom by opname (Tabel 26)
2. Skoolstanderd by ontslag (Tabel 27)
3. Etniese groep (Tabel 28)
4. Woonplek voor opname (Tabel 29)
5. Algemene woningtoestand (Tabel 30)
6. Inkomste van die gesin (Tabel 31)
7. Loonarbeid van die moeder. (Tabel 32)
8. Gesinsvolledigheid. (Tabel 33)
9. Stiefouerverhoudinge (Tabel 34)
10. Sedelike gehalte van die ouers (Tabel 35)
11. Gehalte werker voor opname (Tabel 36)
12. Gedrag voor opname (Tabel 37)
13. Algemene gedrag in inrigting (Tabel 38)
14. Aard van oortreding (Tabel 39)
15. Aantal oortredings voor opname (Tabel 40)

1. Residivisme en Algemene Persoonlike Faktore:

By die algemene persoonlike faktore naamlik ouderdom by toelating tot die verbeteringskool, skoolstanderd by ontslag uit die verbeteringskool en etniese groep, is nêrens 'n duidende verband op die 5%-waarskynlikheidsvlak of hoër gevind nie (Vgl. tabel 42). Die ouderdom by toelating sowel as die etniese groep vertoon egter 'n verband met residivisme wat naby die 5%-waarskynlikheidsvlak lê.

Wat die toelatingsouderdom betref, blyk dit dan ook uit 'n samevatting van die persentasie-ontleding in tabel 26 dat 'n groter persentasie, naamlik 27.8 persent, van die nie-residiviste 14 jaar of jonger was by opname in die verbeteringskool as wat die geval by die residiviste was en waar die ooreenstemmende syfer 19.1 persent was. By die groep wat ouer as 14 jaar was toe hulle in die verbeteringskool opgeneem is, was die ooreenstemmende persentasies 72.2 en 79.8 vir nie-residiviste en residiviste onderskeidelik.

Dit wil dus voorkom asof die Bantoejeugoortreder wat relatief op 'n jeugdige leeftyd dit wil sê voordat hulle geharde oortreders is, behandeling ontvang het, moontlik 'n beter kans op rehabilitasie het as wat die geval is met jeugoortreders wat eers op 'n hoër ouderdom, dit wil sê wanneer hulle reeds meer gehard is, behandeling ontvang. Wat die etniese groep betref, speel die onderskeie persentasies van die verskillende etniese groepe wat nog in die Bantoegebiede verkeer, 'n belangrike rol. Die verskil in residivisme by die verskillende etniese groepe hang dus moontlik hier ook saam met die mate van ontstamming van elke groep.

2. Maatskaplike Faktore en Residivisme:

Uit tabel 42 blyk dit dat die woonplek voor opname sowel as die algemene woningtoestand van Bantoejeugoortreders 'n duidende verband van onder die 1%- en 5%-vlakke onderskeidelik met residivisme vertoon. Wat reeds op gewys is in 'n vorige afdeling, geld ook weer volgens tabel 29 in hierdie geval, naamlik dat die Bantoejeugdige uit die Bantoegebiede nie alleen relatief minder weens misdaad veroordeel word as die stedelike jeugdige nie, maar dat as hy wel oortree, dan val 'n kleiner persentasie van die jeugdiges uit die Bantoegebiede, na hul behandeling in die verbeteringskool, terug in die misdaad as wat die geval by die stedelike jeugdiges is. So byvoorbeeld was 77.5 persent van die stedelike groep, residiviste terwyl dit die geval was by 69.3 persent van die dorpsgroep, 64.7 persent van die plaasgroep en 53.5 persent van die Bantoegebiedegroep. Met ander woorde, Bantoejeugoortreders uit die Bantoegebiede reageer gunstiger op verbeteringskoolbehandeling as jeugdiges uit Blanke stede, dorpe of selfs plase. Dieselfde verklaring wat vir die groter misdaadsyfer van die stede geld, (Vgl. pp. 37-40) geld ook vir die groter residivistesyfer.

Die duidenheid wat by die algemene woningtoestand verkry is, kan ook in 'n mate daaraan toegeskryf word dat tradisionele woningtoestand een van die indelings was wat in tabel 30 gebruik is. Die herkoms uit die Bantoegebiede is dus in werklikheid die faktor wat die deurslag gee want volgens tabel 30 het 44.6 persent van die jeugoortreders wat voor hul opname in die verbeteringskool in tradisionele woningtoestande geleef het, nie weer misdaad na die ontslag uit die verbeteringskool gepleeg nie terwyl 55.4 persent wel weer in misdaad verval het. Van die groep wie se woningtoestand as „goed" aangegee is, het 27.9 persent nie weer misdaad gepleeg nie terwyl 72.1 persent dit wel gedoen het. Slegs 26.2 persent van die groep wie se woningtoestand voor opname swak was, het nie weer in misdaad verval nie terwyl 73.8 persent residiviste was.

Wat die ander maatskaplike agtergrondsfaktore soos gesinsinkomste, loonarbeid van die moeder, gesinsvolledigheid, stiefouerverhoudinge en sedelike gehalte van ouers betref, dui die verkreë chi-kwadraatwaardes daarop dat dit waarskynlik geen beduidende verband met residivisme en nie-residivisme vertoon nie.

Residivisme en Gedrag voor opname in inrigting:

Uit tabel 42 blyk dit dat die gedrag van die oortreder direk voor opname in die verbeteringskool sowel as sy gedrag tydens sy aanhouding waarskynlik 'n verband vertoon met sy latere residivisme al dan nie, want vier van die vyf faktore uit hierdie tydperk het 'n beduidende verband met 'n onbetroubaarheidsdrumpel van 0.1% en een faktor het 'n beduidende verband met 'n waarskynlikheidsvlak van 1% met residivisme vertoon. So byvoorbeeld blyk dit uit tabel 36 dat Bantoejeugoortreders wat voor hul opname in die verbeteringskool leeglopers of ongereelde werkers was 'n groter persentasie (67.1%) van die residiviste as van die nie-residiviste (48.0%) gevorm het. Die gereelde werkers daarenteen het 19.0 persent en 28.4 persent onderskeidelik van die residiviste en nie-residiviste uitgemaak. Die waarskynlikheidsvlak in hierdie tabel is 1%.

Die algemene gedrag direk voor die opname in die inrigting is ook van belang want blykens tabel 37 het 75.7 persent van die jeugoortreders wat voor hulle opname in die inrigting van swak of misdadige gedrag was, na hulle ontslag weer in die misdaad verval terwyl 24.3 persent nie weer misdaad gepleeg het nie. Daarenteen het slegs 27.7 persent van die groep wat voor opname in die inrigting van goeie gedrag was na ontslag weer misdaad gepleeg terwyl 72.3 persent nie weer in misdaad verval het nie.

Volgens tabel 38 kan die gedrag van die jeugoortreder in die inrigting in 'n mate dien as 'n voorspelling van sy gedrag nadat hy die inrigting verlaat het want 82.1 persent van die groep wie se gedrag in die inrigting swak was, het weer in die misdaad verval terwyl die ooreenstemmende residiviste-syfer by die groep wie se gedrag gemiddeld en goed was, onderskeidelik 73.1 persent en 55.8 persent was.

Die verkreë chi-kwadraatwaarde dui daarop dat die aard van die oortreding waarvoor die oortreder in die verbeteringskool opgeneem is, waarskynlik verband hou met sy latere rehabilitasie. Volgens tabel 39 het die kleinste persentasie residiviste, naamlik 25.0 persent by die moordenaars en gevalle wat vir strafbare manslag veroordeel is, voorgekom. By die ander misdade skyn die persentasies veel hoër te wees naamlik 72.2 persent by ekonomiese misdade, 73.7 persent by roof, 72.0 persent by verkragting, 68.8 persent by aanranding en stamgevegte en 75.0 persent by daardie misdade wat onder „ander" geklassifiseer is.

Die gunstige rehabilitasiesyfer by moord en manslag kan in 'n groot mate daaraan toegeskryf word dat hierdie groep, vanweë die ernstige aard van die oortreding, 'n groot aantal (80.0% vgl. tabel 21(a)) eerste-oortreders ingesluit het. Die grootste persentasie van die jeugoortreders wat weens moord of manslag veroordeel is, het hul misdade skynbaar op die ingewing van die oomblik gepleeg. Die meeste van hierdie misdade het dus nie 'n deel van 'n loopbaan van voorafbeplande misdade gevorm nie maar kan veel eerder as impulsiewe dade beskou word.

Dit wil ook voorkom asof die kans wat die Bantoejeugoortreder van die verbeteringskool het om na ontslag weer in misdaad te verval, feitlik direk eweredig is aan die aantal oortredinge wat hy reeds begaan het voor sy opname in die verbeteringskool (vergelyk tabel 40). Dit blyk dus asof die rehabilitasiemoontlikhede meestal geringer word namate die misdaadgewoonte sterker is want van die groep wat voor die misdaad waarvoor hulle na die

inrigting verwys is, geen bekende oortredinge gehad het nie, het 46.6 persent weer in die misdaad verval terwyl 69.8 persent van die groep met een vorige oortreding, 80.9 persent van dié met twee, 84.8 persent van die met drie en 74.5 persent van die groep wat vier en meer oortredinge gehad het, residiviste geword het. Die meer geharde oortreders, wat reeds 'n aantal ander strawwe opgelê is voordat hulle na 'n verbeteringskool verwys word, rehabiliteer waarskynlik moeiliker as die eerste-oortreders.

Soos blyk uit tabel 41 hou die aantal oortredings voor opname in die inrigting en die tydperk tussen die ontslag uit die verbeteringskool en die terugval in die misdaad, verband met mekaar want in die eerste ses maande na ontslag het 12.5 persent van die residiviste wat geen vorige oortredings gehad het nie, in die misdaad teruggeval terwyl dit by 18.3 persent, 24.5 persent, 26.8 persent en 39.5 persent respektiewelik die gsval was by die groepe wat een, twee, drie en vier of meer vorige oortredinge op hul kerfstok gehad het. Die onderskeie persentasies van die groepe wat eers na twee jaar na ontslag in die misdaad teruggeval het, toon die teenoorgestelde beeld want na hierdie tydperk het 58.3 persent van die eerste-oortreders weer vir die eerste keer misdaad gepleeg terwyl dit onderskeidelik by 34.6 persent, 28.3 persent, 25.0 persent en 13.2 persent die geval was by die residiviste wat een, twee, drie en vier of meer vorige veroordelings gehad het.

Die meer geharde oortreders verval na ontslag uit die verbeteringskool nie alleen meer dikwels weer in die misdaad nie maar ook wel veel gouer na ontslag uit die verbeteringskool as wat die geval by die minder-geharde oortreders is.

## HOOFSTUK 9.

## SAMEVATTING.

1. Sedert die verbeteringskole in 1934 na die destydse Departement van Unieonderwys (sedert 1949 die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) oorgeplaas is, het dit ontwikkel tot 'n opvoedkundige inrigting. Die behandelingsmetode van die Diepkloof-verbeteringskool kan in die volgende fases ingedeel word:-

   Die toelating-, aanpassings-, behandelings-, voorbereiding-tot-vrylating, en vrylatingsfase.

   Deur al hierdie fases word die leerling gevoer vanaf die maksimum sekuriteitstoestand van die inrigtingslewe na die vrye ongekontroleerde bestaan in die buitelewe.

2. Alhoewel die Sotho-, Zoeloe- en Swazigroep 'n groter persentasiebydrae tot die ondersoekgroep as tot die totale bevolking gelewer het, hang dit nie soseer saam met swak inherente eienskappe nie, maar veel eerder met die graad van verstedeliking wat by die onderskeie etniese groepe aanwesig is.

3. Na verhouding is daar meer 17-jariges as enige ander enkel ouderdom in die ondersoekgroep terwyl 82.4 persent van die 500 gevalle by opname tussen 14 en 18 jaar oud was. Die feit dat nóg baie jong nóg baie geharde oortreders algemeen na 'n verbeteringskool verwys word, is moontlik vir bogenoemde ouderdomsverspreiding verantwoordelik.

4. 73.0 persent van die jeugoortreders het 'n goeie gesondheid geniet.

5. Alhoewel die gemiddelde skoolstanderd by ontslag ietwat hoër is as by toelating, het een-derde van die groep by ontslag nog geen skoolonderrig ontvang nie, terwyl 'n verdere 37.8 persent se onderwyspeil tussen graad 1 en standerd 2 lê. Die onderwyspeil van 'n groep skoolleerlinge wat op willekeurige wyse gekies is, is veel hoër.

6. Die betekenis van gesonde arbeid blyk uit die feit dat meer as 60 persent van die ondersoekgroep, voor opname in die verbeteringskool leeglopers of ongereelde werkers was terwyl slegs 21.8 persent gesonde werksgewoontes gehad het.

7. Wat die maatskaplike agtergrond van Bantoejeugoortreders betref, is bevind dat een ouer in 45.0 persent van die gevalle ontbreek, terwyl die persentasie waar beide ouers ontbreek, op 14.6 persent te staan gekom het.

8. Dis opvallend dat 22.4 persent van die jeugoortreders by vriende of werkgewers gewoon of geen permanente verblyf gehad het nie.

9. Alhoewel die gemiddelde aantal kinders per gesin in hierdie ondersoek hoër is as wat in 'n ander ondersoek met betrekking tot die deurslag Bantoegesin gevind is, kan die bewering dat jeugoortreders meer dikwels uit groot gesinne kom, nie gestaaf word nie.

10. Wat die geboorterangnommer betref, is in hierdie ondersoek bevind dat die persentasie bydrae tot die groep omgekeerd eweredig is aan die geboorterangnommer. Die

moontlikheid bestaan egter dat dieselfde verskynsel in die totale bevolking aangetref kan word.

11. Arbeiders was die mees algemene beroep onder die vaders van die jeugoortreders en het 36.4 persent van die totaal gevorm. Verskeie ander beroepe en selfs die professies is ook verteenwoordig.

12. In meer as een-derde van die gevalle het die moeders loonarbeid verrig. Dit is selfs laer as wat 'n ondersoeker by 'n groep Bantoegesinne in Atteridgeville gevind het.

13. Alhoewel die welvaartpeil van die Bantoegesinne moeilik gemeet kon word, is 'n poging tot 'n ruwe indeling aangewend. Die inkomste van meer as 50.0 persent was swak tot baie swak.

14. Word die woonplek van Bantoejeugoortreders vergelyk met die ooreenstemmende verspreiding van die totale bevolking, blyk dit baie duidelik dat die stedelike Bantoebevolking, 'n veel groter bydrae tot die oortreders lewer as tot die totale bevolking, terwyl die teenoorgestelde die geval by die Bantoegebiede is. Hierdie verskynsel hang ten nouste met die ontstamming en verstedeliking van die stedelike Bantoe saam.

15. Meer as 40 persent van die ondersoekgroep het uit huise waar die woningtoestand as goed beskryf kon word gekom terwyl slegs 16.8 persent uit huise kom wat as swak beskou kan word.

16. In meer as die helfte van die gevalle in hierdie ondersoek was die sedelike gehalte van die ouers goed, dit wil sê geen vorm van misdaad of wangedrag het voorgekom nie.

17. Dat blote kerkverband 'n aanduiding van 'n persoon se godsdienstigheid is, kan nie aanvaar word nie en wat die verband tussen godsdiens en misdaad is, is nog nie 'n uitgemaakte saak nie. In hierdie ondersoek is gevind dat 13.2 persent van die gevalle aan geen kerk behoort het nie.

18. By die ontleding van die gedrag van die jeugoortreders voor opname in die inrigting, is bevind dat 29.4 persent van die gevalle hulle misdade saam met ander gepleeg het. Vorming van bendes lei dikwels tot misdadigheid.

19. Slegs 20.6 persent van die gevalle waaroor hierdie ondersoek gaan, was eerste-oortreders toe hulle in die inrigting opgeneem is, terwyl 79.4 persent reeds een of meer vorige oortredings op hulle kerfstok gehad het.

20. Meer as die helfte van die gevalle het binne twee jaar nadat hulle vir die eerste keer vir misdaad veroordeel is, daardie misdaad of misdade gepleeg waarvoor hulle in die verbeteringskool beland het.

21. Ekonomiese misdade was in 80.0 persent van die gevalle die oorsaak vir opname in die verbeteringskool terwyl die tweede hoogste persentasie naamlik 5 persent weens verkragting opgeneem is.

22. Meer as 20 persent van die gevalle se gedrag in die inrigting was goed, 58.0 persent gemiddeld en die res swak. Word die inrigtingsgedrag volgens die aard van die mis-

56/...

daad waarvoor die kommittering geskied het, ontleed, blyk dit dat daar heelwat onderlinge verskille tussen die verskillende soorte misdade bestaan. So was 'n groter persentàsie naamlik 40.0 persent van die groep wat vir moord en strafbare manslag opgeneem is, se inrigtingsgedrag goed, terwyl hierdie persentasie by al die ander misdade onder 25.0 persent was.

23. In byna 80 persent van die gevalle is die vergunning nooit ingetrek nie terwyl 20.8 persent se vergunning wel eenkeer ingetrek is.

24. Vir die doel van hierdie studie is die eerste vyf jaar na ontslag as die toetsperiode geneem. Sukses en mislukking na ontslag uit die inrigting is gemeet in terme van botsing met die gereg. Volgens hierdie maatstaf het 29.6 persent van die gevalle in die eerste vyf jaar na hulle ontslag, nie weer in misdaad, hoe gering ook al, verval nie, terwyl 10.0 persent slegs een of uiters twee geringe oortredinge begaan het. 60.4 persent is meermale of weens ernstige misdade gestraf en kan dus as residiviste beskou word.

25. Van die 352 residiviste wat daar was, het meer as twee-derdes reeds teen die einde van die tweede jaar in misdaad verval. Die hoogste terugvalrisiko lê dus in die eerste twee jaar na ontslag uit die verbeteringskool.

26. Van die residiviste wat vir ekonomiese misdrywe in die inrigting opgeneem is, het 69.9 persent na ontslag weer dieselfde soort misdaad gepleeg. By aanranding was die persentasie selfs hoër naamlik 81.8 persent. Vir geen van die ander soorte misdade was die ooreenstemmende persentasie hoër as 21.4 persent nie.

27. Deur gebruik te maak van die chi-kwadraattoets is bepaal watter agtergrondsfaktore van die misdadiger verband hou met sy latere residivisme. Die volgende faktore het 'n beduidenheid onder die .1%-waarskynlikheidsvlak vertoon: Gedrag voor opname in die inrigting, algemene gedrag in die inrigting, aard van die oortreding waarvoor in die inrigting opgeneem en aantal oortredinge voor opname in die verbeteringskool. Faktore soos gehalte werker voor kommittering en woonplek, het 'n duidenheid onder die 1%-vlak terwyl die algemene woningtoestand 'n duidenheid onder die 5%-waarskynlikheidsvlak het.

28. Die volgende agtergrondsfaktore het volgens die chi-kwadraattoets, geen duidende verskille ten opsigte van residivisme en nie-residivisme vertoon nie. Ouderdom by opname in die inrigting, skoolstanderd by ontslag, etniese groep, inkomste van gesin, loonarbeid van die moeder, gesinsonvolledigheid, stiefouerverhoudinge en sedelike gehalte van die ouers.

LITERATUURLYS.

1. Bothma, C.V. — 'n Volkekundige Ondersoek na die Aard en Ontstaansoorsake van Tsotzi-groepe en hulle aktiwiteite in stedelike gebiede van Pretoria.
Ongepub. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1951.

2. Bowlby, J. — Maternal Care and Mental Health.
World Health Organization, Geneve, 1952.

3. Burt, C. — The Young Delinquent.
University of London Press Ltd., London, 1952.

4. Clemmer, D. — „Imprisonment as a Criminality Source."
The Journal of Criminal Law and Criminology. Vol.41, 1950-1951.

5. Cohen, A.K. — Delinquent Boys: The Culture of the Gang.
The Free Press, Glencoe Illinois, 1955.

6. Eloff, J.F. — 'n Volkekundige studie van Aanpassing en Ontwikkeling in die Gesinslewe van die Naturelle van Atteridgeville.
Ongepub. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1953.

7. Engelbrecht, I.Z. — Die Interne Organisasie van die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool.
Ongepub. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Potchefstroom, 1952.

8. Glueck, S. en E.T. — After-conduct of Discharged Offenders.
Macmillan & Co., Ltd., London, 1946.

9. Glueck, S. en E.T. — 500 Criminal Careers.
Alfred A. Knopf, N.V., 1930.

10. Glueck, S. en E.T. — Unraveling Juvenile Delinquency.
Harvard University Press, Cambridge, 1951.

11. Kieser, W.W.J. — Bantoe-jeugmisdaad aan die Rand en die behandeling daarvan deur die Diepkloofverbeteringskool, Johannesburg.
Ongepub. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Potchefstroom, 1952.

12. Neumeyer, M.H. — Juvenile Delinquency in Modern Society.
D. van Nostrand Co., Inc., N.Y., 1949.

13. Philips, R.E. — <u>The Bantu in the City. A Study of Cultural Adjustment on the Witwatersrand.</u> The Lovedale Press, Cape Province, s.j.

14. Retief, G.M. — <u>Oortredinge onder jeugdige stedelike naturelle.</u> Ongepub. D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1958.

15. Sellin, T. — <u>Culture Conflict and Crime.</u> Social Science Research Council, N.Y., 1938.

16. Sorokin, P.A. en Zimmerman, C.C. — <u>Principles of Rural-Urban Sociology.</u> Henry Holt & Co., N.Y., 1939.

17. Van Bemmelen, J.M. — <u>Criminologie. Leerboek der Misdaadkunde.</u> N.V. Uitgevers Maatschappij, W.E.J. Tjenk Willink, Zwolle, 1952.

18. Vedder, C.B. — <u>The Juvenile Offender.</u> Doubleday & Co., Inc., N.Y., 1954.

19. Vos de, P.J. — <u>Indiërjeugmisdaad.</u> Ongepub. D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

20. Willemse, W.A. — <u>The Road to the Reformatory.</u> J.L. van Schaik, Ltd., Pretoria, 1938.

21. Abrahamsen, D. — <u>Who are the Guilty.</u> Rinehart & Co., N.Y., 1952.

22. Venter, H.J. — <u>Residivisme.</u> H.A.U.M., Pretoria, 1954.

23. Tomlinson, F.R. e.a. — <u>Samevatting van die Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika.</u> Staatsdrukker, Pretoria, 1955.